UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 5

# KRALEWERK EN VERSIERINGS

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 5.1 INLEIDING

’n Beskrywing van kralewerk sonder verwysing na die daarmee gepaard gaande kleredrag, sou kralesierade nie tot hulle reg laat kom nie. Derhalwe sal daar hier en daar na bykomstighede verwys word. Met kralewerk word bedoel enige artikel wat van glaskrale vervaardig en aan die liggaam gedra word, of wat met krale as versiering bedek word. Vir hierdie studie is gebruik gemaak van foto’s uit die Duggan-Cronin-versameling om dit te vergelyk met wat vandag nog voorkom (Foto’s 5.1, 5.2).

In Suid-Afrika is Zulu- en Ndebelekralewerk baie bekend en gevolglik word daar algemeen aangeneem dat die Tsonga nie eintlik enige noemenswaardige eiesoortige kralewerk besit nie. Ondersoek in die veld en uit literatuurstudie bewys egter dat die Tsonga heelwat kenmerkende krale-artikels met ’n eiesoortige karakter vervaardig het en nog steeds vervaardig. Foto’s uit die Duggan-Cronin-versameling [1935] dui daarop dat die Tsongavrouens se kralewerk soos dit vandag nog aangetref word, volgens tipe en motiewe reeds vir ten minste die afgelope sestig jaar vervaardig word. HP Junod maak, in sy voorwoord tot Duggan-Cronin se fotografiese beeldmateriaal [1935], die aanname, dat die Transvaal-Tsonga se kralewerk ontwikkel het, omdat hulle met die nabygeleë Ndebele in kontak was [1935:13]. Verder word gesê dat dit baie verskil van die kralewerk wat onder die Tsonga in Mosambiek aangetref word. Vergelyk ’n mens egter verwysings na krale as handelsartikels, as trougoedere, vir mediese, religieuse of magiese gebruike, tydens inisiasie e.a. seremonies of as alledaagse versierings, kan die afleiding gemaak word, dat krale en kraleverwerking vir eeue reeds baie algemeen voorkom [vgl. Earthy 1968: 59-60, 124-125, 167, 212-213 e.a; Junod 1927 I:51, 275; Junod 1927 II:102-103, 146, 148-149, 480].

Daar moet in gedagte gehou word, dat die Portugese reeds in die sewentiende eeu krale as handelsitems na die Ooskus saamgebring het, en dat die Tsonga die handelaars tussen die kus en die binneland was. Glaskrale is dus ’n artikel wat vir eeue reeds aan hulle bekend is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die kleure wat die Transvaal-Tsonga tans in hulle kralewerk gebruik, verskil van die van die Tsonga van Mosambiek. Die verskillende sierade wat die Tsonga in Transvaal dra, dui op 'n baie sterker versieringselement as wat in Mosambiek die geval was. Sekere voorwerpe soos hoofversierings, **mugangu**, en die beursie van krale, **xipachi**, is vroeër, sowel as vandag onder die Tsonga in Transvaal aangetref.

Voordat krale deur die handelaars aan die inboorlinge bekend gestel is, het die Tsonga in Mosambiek reeds hulle liggame versier met dit wat tot hulle beskikking was. Liggaamstatoeëring, die aanbring van patrone deur insnydings wat lidtekens op hulle liggame veroorsaak, het baie algemeen onder hierdie ooskusvolkere voorgekom [vgl. Duggan-Cronin 1935, plaat XXXII; Earthy 1968, plaat IX].

Koperarmringe, **masindza** (foto 5.3), en nekringe, **ritlatla** of **ritlama** (foto 5.6), van soliede koper of brons, sowel as gedraaide koper of ander arm- en enkelringe van metaaldraad, **vusenga** (foto 5.17), kom nog steeds voor. Hierdie draadwerk word hoofsaaklik deur mans vervaardig. Die materiaal kan vandag nog in die winkels gekoop word. Junod [1927 II:102] beweer dat die metaalringe voorgekom het nog voordat glaskrale hul verskyning gemaak het. Enkele voorbeelde kom in die Duggan-Cronin-versameling voor. Versierings van sade, kokons of van stukkies gekerfde hout word ook reeds vir eeue gebruik en kom vandag nog voor. Hier kan veral die beenratels, gemaak van aanmekaargerygte kokons, genoem word (foto 5.4). In meer resente tye word wol ook dikwels gebruik. Dit word verwerk en word ook in kombinasie met krale gebruik (foto 5.5).

Terwyl alle glaskrale vir eeue deur handelaars die land ingebring is, kom daar een soort kraal voor waarvan die oorsprong nie baie duidelik is nie. Daar word algemeen vermoed, dat hierdie krale van noord van die Limpopo kom en selfs op Fenisiese oorsprong dui. Dit is 'n groot heksagonale, helderblou glaskraal en word as 'n familie-erfstuk en as heilig beskou. Daar word dikwels aangetref dat 'n groot blou kraal saam met 'n stukkie olifanttand, 'n maroelapit en selfvervaardigde koperkrale geryg word en dan as nekversiering gedra word. Hierdie **mhamba ya xikwembu** (foto 5.5), of amulet van die voorvadergeeste, word met

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

voorvaderverering in verband gebring en 'n persoon word daarmee begrawe. As 'n verstorwe ouer se kind of kleinkind siek word, word die **n'anga** geraadpleeg. As die oorsaak van die siekte na die voorouers terug gevoer kan word, word 'n nuwe nekversiering, die **mhamba ya xikwembu,** vir die kind vervaardig.

'n Interessante verwysing na die gewildheid van handelskrale kry ons by Burman waar hy die handelsekspedisie van De Capelle na Delogoabaai in 1723 beskryf. Ene Jan Stefler was lid van die Here XVII se geselskap wat vanaf Delagoabaai die binneland ingevaar het om die ysterberg te soek. Op 9 Augustus 1723, by hulle eerste kamp skryf hy -

> *"The natives from the nearby kraals brought goats which Stefler tried to buy at a reasonable price. The tribesman demanded not less than four large bundles of beads for each goat ... Stefler considered the price too high"*
> *(1969:129)*

By 'n latere geleentheid kon hy hulle prys afbring tot drie bondels vir een bok. Hy gee daarna vir die stamhoof twee bondels krale as geskenk met die gedagte dat die inboorlinge hulle sal help by the oortog oor die rivier. Die stamhoof wou dit nie aanvaar nie. Uiteindelik gee Stefler hom vier bondels krale as geskenk. Hy wys daarop 'n tolk en gids aan wat nog twee bondels elk ontvang (1969:130). By 'n ander kraal is ses bondels krale vir een bees geruil. Die stamhoof het hier 'n honderd bondels krale vir een olifanttand ge-eis (Burman 1969:133). Stefler is op hierdie binnelandse ekspedisie waar hy die Lebomboberge oorgesteek het, vermoor.

Die inboorlinge waarvan hier sprake is, is vermoedelik die voorsate van die Tsonga van vandag wat al vir eeue hierdie gebied bewoon en as handelaars deurkruis het.

'n Verdere ligaamsversiering wat reeds in die verlede bekend was en waaraan Tsongamans en vrouens vandag nog uitgeken kan word, is die groot insnyding in die oorlobbe. Vroeër was dit tydens die inisiasieskool aangebring maar deesdae kom dit nie meer so algemeen voor nie, wel by die ouer Tsongamans en -vrouens. [Duggan-Cronin 1935:15]. Oorbelle word in die opening gedra. 'n Aanduiding van hoe groot die gat kan wees, is dat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

daar soms 'n snuifbottel daarin gedra word [vgl. Duggan-Cronin 1935:Plaat XXX]. Meestal ryg die ouer vrouens 'n lang string krale weer en weer deur die gat in die oorlob as 'n tipe oorbel (foto 5.6). Mans wat die inisiasieskool bygewoon het, kan deesdae nog aan twee of drie insnydings in die wange uitgeken word. Vrouens het tatoeëermotiewe op hul wange en/of bene.

Geen verdere beskrywing van alle metaalsierade sal hier gedoen word nie. Slegs die benutting van glaskrale as versieringselement sal beskryf word. Buiten dat die **n'anga** wel heelwat kralewerk dra, sowel as twee kralewerkstukke wat met die inisiasie in verband gebring word, het krale nie werklik magies-rituele waarde nie. In sommige gevalle waar 'n persoon die wit en ook rooi krale dra, dui dit daarop dat die persoon deur die vreemde geeste, **swikwembu swa van'wana,** beset is.

## 5.2 VERVAARDIGINGSMETODE

### 5.2.1 Materiaal en gereedskap

'n Verskeidenheid glaskrale, **rihlalo**, kom voor en daar is geen aanduidings, dat die silindervormige krale (snap beads) (fig. 5.1a) deur die Transvaalse Tsonga gebruik is nie. Dit is die bolvormige kraletjie (sead beads) (fig. 5.1b), wat hoofsaaklik in 'n verskeidenheid groottes gebruik, word.




*Fig 5.1 (a)*




*Fig 5.1 (b)*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die krale word in 'n verskeidenheid groottes gebruik. Vroeër was die kleiner krale meer gewild as die groteres, maar die kleintjies is moeilik bekombaar. 'n Nommer 11 is ongeveer een millimeter in deursnee en word vir 'n verskeidenheid voorwerpe, soos onder beskryf word, gebruik. No. 9 is twee millimeter in deursnee en word ook nog gebruik, maar die artikels vertoon na die smaak van Tsongavrouens nie so mooi soos die met die klein kraletjies nie. Groter wit krale, No. 6 en 7, word gebruik om die **ndhindana** (vgl. foto's 5.1, 5.2) te omsoom. Dit gee 'n estetiese effek tydens danse, (foto 5.7) want dit laat die romppunte hoog wip. Die kuns om die rompe soveel as moontlik te laat wip en swaai, word baie geapploudeer. Hoe meer materiaal gebruik word, wat weer meer krale vereis, hoe beter die effektiwiteit van die dansrok.

Die vyf basiese kleure wat die Tsonga in hulle kralewerk gebruik is wit, blou, rooi, groen en geel. Dit is eers gedurende die laaste ongeveer vyftien jaar dat sekere ander kleure en kleurvariasies soos ligblou, liggroen, pers en oranje gewild geword het. Dit het ook baie afgehang van die bekombaarheid van krale.

Die krale word genoem na die naam van die kleur: wit - **basa**, blou en ligblou - **juva**, donkerblou - **wasi**, rooi - **mungazi**, wynrooi - **tsuka**, geel - **muwapfuka** of **xitshopana**, oranje - **muzanine**, pers - **khuwaza** of **holonyi** en groen - **xidawuzeni**. Die spesifieke kleure wat die Tsonga gebruik, onderskei hulle kralewerk van Zulu, Ndebele of Sothokralewerk. Swart krale word net gebruik as 'n persoon rou. 'n String swart krale word dan byvoorbeeld deur die oorlobbe geryg as teken van rou. 'n Vrou wat rou sal ook 'n lang string swart krale as nekversiering dra. Die rooi krale, **mungazi**, is vroeër vir lobolo-doeleindes gebruik.

Deurskynende glaskrale, **xitsukelani**, is baie tradisioneel en is tot dertig jaar gelede nog baie gedra. Hierdie deurskynende krale is vir die Tsongavrou baie mooi, maar is vandag baie moeilik bekombaar. Vandag word dit as outyds beskou. Die regte kleure, naamlik blou, rooi, groen saam met wit, wat ook nie altyd so maklik verkrygbaar is nie, kan op foto 5.33 gesien word. Geel word ook dikwels bygevoeg. Deesdae is krale buitendien nie altyd beskikbaar nie en ook baie duur, aangesien dit van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Tjeggoslowakye ingevoer word. Plaasvervangers soos plastiekkrale word dan gebruik. Groot plastiekkrale word ook al hoe meer gebruik en word **tikhwini** genoem.

Die romp wat die Tsongavrouens dra, **ndhindana**, **dovani** of **nguvu**, word gemaak van 'n spesifieke soort materiaal wat al vir baie jare ingevoer word en onder die handelsnaam "salempore" verkoop word. Dit is 'n donkerblou materiaal met rooi, groen, wit en ligblou vertikale strepe (foto 5.2). Tradisionele krale het dieselfde kleure as die kleure in die tradisionele rokmateriaal, en alhoewel die kleurstrepe in die materiaal almal dieselfde lyk, kom variasies voor. Die onderskeie sibbes het vroeër elk hul eie kleur en streepkode gehad. Deesdae word dit egter nie meer nagekom nie. Net soos die krale volgens hul kleure genoem word, word die motiewe in die kralesieraad ook vernoem na dit wat die motief voorstel. Bv. as daar in die kralestuk 'n stermotief ingewerk is, word die stuk **nyeleti** (ster) genoem.

Die rygmateriaal was tradisioneel sening, of soms beessterthare, deesdae word altyd katoengaring gebruik. Daar word beweer dat die Tsonga in die verlede soms ook vesels van 'n sekere boombas gebruik het. 'n Naald is die enigste gereedskap wat gebruik word om die krale op die garing te ryg. Die punt van die garing of sening kan ook natgelek word om 'n skerp punt te vorm. In so 'n geval is 'n naald onnodig. Vroeër toe klein kraletjies by voorkeur gebruik is, was baie dun naalde ook moeilik bekombaar.

Vir sekere kralesierade, soos getoon op foto's 5.8, 5.9, 5.10 word juis sterthare gebruik, omdat dit deel uitmaak van die voorkoms van die voorwerp. Die Tsongavrouens van vandag is baie lief daarvoor om hierdie halssieraad te dra. Dit kom reeds die afgelope ongeveer twintig jaar voor. Drie variasies is in die veld aangetref, naamlik die **maqalaka**, **matsunyetsunye** en **khunara** (foto 5.8).

Behalwe los kralesierade, word krale ook op ander materiale soos lap, mandjies, kalbasse, en horing vasgewerk. 'n Meer moderne gebruik is om bottels en stokke met krale te versier. Hierdie praktyk sal later bespreek word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

### 5.2.2 Vervaardigers

Alle kralewerk word deur vrouens gemaak. Dit word van 'n ma, suster of tannie aangeleer, en alhoewel kralewerk hoofsaaklik deur vrouens en dogters gedra word, dra mans ook soms eenvoudige stukke soos nekversierings of armbande. As dit verband het met medies-religieuse gebruike, bv. wanneer hy 'n **n'anga** geraadpleeg het en dié skryf 'n amulet voor, word sulke stukke ook gedra. Wanneer die **ndau**-geeste hom besoek het, dra hy 'n polsband van rooi en wit krale. Sekere kralewerkstukke soos halssieraad en armsieraad maak ook deel uit van die **n'anga** se toebehore. Die vrouens vervaardig kralewerk vir hulle mans, ma's vir hulle dogters of babatjies, en oumas vir hulle kleinkinders (foto's 5.11, 5.12, 5.13).

Die enigste kralewerk wat deur mans vervaardig word, is dié wat van metaal gemaak word, soos die koperkraletjies, **tikhota**. Hierdie kraletjies word dan deur vrouens aanmekaar geryg en verwerk (foto 5.5). Ook die gesmeede koper arm- of beenringe, of dié wat van dun koperdraad gemaak word, word deur mans vervaardig. Die dun draad word as 'n spiraal om 'n kernring van sterthare, sening of vesel, gedraai om 'n beenring te vorm (foto 5.17).

Kralewerk word deur vrouens gemaak wanneer hulle tyd kry tussen al hulle ander take en verpligtinge deur. 'n Mens kry selde 'n vrou wat in die somermaande wanneer die plantseisoen in volle swang is, besig is met hierdie vryetydswerk. Anders as wat ons dit by die pottebakster aantref, word kralesierade nie in ruil vir oesprodukte of dienste gelewer nie. Dit dui dan ook daarop dat dit geen spesialisbedryf is nie.

### 5.2.3 Tegnieke

As 'n mens met die eerste oogopslag na die onderskeie kralesierade kyk, lyk dit of almal uit een basiese tegniek, naamlik die inryg van kralestringe en vashegting aan mekaar, gemaak word. Dit herinner aan weefwerk. By nadere ondersoek sien ons egter dat feitlik elke stuk volgens 'n ander metode vervaardig word en dat weefwerktegnieke en terme nie eintlik gebruik kan word nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Anders as by die Ndebele kom daar geen vashegting van krale op leerartikels by die Tsonga voor nie. Lap word egter wel met kralewerk versier en daarna om die liggaam gedrapeer. Hierdie lappe wat Tsongavrouens om hul liggaam dra, word **nceka** genoem. Hiervoor word meestal swart materiaal gebruik (foto's 5.14, 5.15, 5.53, 5.65 e.a.). 'n Deel van die **n'anga** se kleredrag bestaan uit helderkleurige katoenmateriaal ryklik met wit krale versier. Rooi, swart en turkoois materiaal word vir hierdie doel gebruik. Met wit krale word allerhande motiewe op die **xiyandhana** vasgeheg (foto's 5.16, 5.22a). Wit krale word geassosieer met die voorvadergeeste. Die **n'anga** is baie dikwels die tussenganger tussen die lewendes en gesterwenes.

Die **nceka** maak deel uit van die tradisionele Tsongavrou se kleredrag. Helderkleurige en bont **minceka** word nie met krale versier nie.

Sommige tegnieke wat die Tsonga in hulle kralewerk gebruik, word ook deur Van Schalkwyk [1985:50] beskryf. Voorbeelde hiervan is die tegnieke vir die bedekking van groot oppervlaktes met krale, soos die materiaal waarna hierbo verwys is. Van Schalkwyk noem dit volgens Orchard kanthegting (lazy stitch).

> *"Hiervolgens word krale aangewend in 'n aantal digte, parallelle rye wat slegs op die punte vas is aan die basismateriaal"*
> [1985:50]

'n Variasie op dié tegniek, middelhegting (spot stitching), kom ook voor. Volgens hierdie manier word motiewe soos sirkels, boë en driehoeke op materiaal vasgeheg. 'n Verdere metode van die benutting van krale op materiaal is die omsoming van die dansrok, **ndhindana**, met wit krale (foto 5.17). Simmetriese motiewe word dan met die middelhegtingstegniek op die dansrok gewerk (foto's 5.27c, 5.63). Deur die benutting van gekleurde krale en afwisseling van die rigtings waarin die kralestringe gewerk word, word motiewe in geometriese patrone en lynversierings op 'n artikel aangebring. Die Tsongamotiewe het 'n eiesoortige karakter en elke motief het 'n naam. Hierdie aspek word in afdeling 5.2.4 behandel. In die huidige tyd word gereeld wolgaring vir versiering gebruik in stede van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

krale wat te duur geword het of onbekombaar is. Die kleurskakerings in wol verskaf dieselfde effek op doeke, **minceka**. Dit word ook vir die Tsongapoppie, **madliridliri/nwana**, gebruik[5.1]. Wol dien ook as plaasvervanger van lap om die dansrok, **ndhindana** te vervaardig. Veral jonger vrouens en dogters dra **ndhindana** wat van wol gemaak is, maar dit word nie as tradisioneel aanvaar nie.

By die bespreking van die verskillende kralewerktegnieke word ter aanvang 'n lys van die kralesierade gegee met die vermelding van die besondere tegniek (volgens Tsongabenaming) wat gebruik word. Daar moet op gelet word dat sommige sierade die naam van 'n bepaalde tegniek dra. In enkele gevalle kon geen Tsonganaam vir die tegniek verkry word nie en moes daar op beskrywende Afrikaanse tegniekname teruggeval word. Die Afrikaanse benaming word aan die einde van die lys gegee.

### Lys van Tsonga kralesierade[5.2]

#### Halssierade

| | |
|---|---|
| **Rintoto** | enkele kralestring, tegnieknaam. |
| **Xisontana** | twee enkelvoudige stringe om mekaar gedraai, tegnieknaam. |
| **Xizambana** | buisvormige kralesieraad, tegnieknaam. |
| **Thumbu** | buisvormige halssieraad volgens verskeie tegnieke. |
| **Ntomani** | buisvormige halssieraad met die voorkoms van 'n mopaniewurm **(tomana)**, tegnieknaam. |
| **Mhaninkulu** | sieraad waarin verskeie tegnieke saam gebruik word: **rintoto, xizambana, qonto**; tegnieknaam. |
| **Xifhune** | soos **xisontana**, net ander aanwending. |
| **Xidlalatana** | nekband uit **rintoto** om 'n basis gedraai. |
| **Maranga** | skouerlappe van krale volgens **xiqovochela**, geweefde voorkoms-tegniek. |
| **Matsunyetsunye** | sieraad van perdestert[5.3] en krale in geel, turkoois of pienk-pers alleenlik volgens hierdie vlegtegniek, tegnieknaam. |
| **Maqalaka** | sieraad van perdestert en krale in geel, turkoois of pienk-pers volgens sy eie rygtegniek, tegnieknaam. |

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

**Mihlalanyoni** sieraad van perdestert en krale, slegs in geel, turkoois of pienk-pers volgens die vlegtegniek, tegnieknaam.

**Khunara** **khunara** is benaming vir groot plastiekkrale. Omdat hierdie krale met perdestert vervleg word, word die voorwerp **khunara** genoem.

**Chayeni** tegniek gee voorkoms van ketting (chain). Soos onder hoofsierade, tegnieknaam.

## Hoofsierade

**Chayeni** tegniek wat gebruik word gee voorkoms van ketting (chain). Tegnieknaam.

**Mugangu** kettingtegniek. Deur verskeie aanwendingsmetodes van verskillende kleure word wisselende effekte verkry.

**Xifezane** 'n **mugangu**, maar weens 'n besondere patroon, word die voorwerp ook **xifezane** genoem.

**Khazi/Khayisa/Xikasani** eie rygtegniek: perdestert en krale, tegnieknaam.

**Rindzhela** eie rygtegniek: perdestert en krale, tegnieknaam.

**Nwamatatana** eiesoortige vlegwerktegniek: perdestert en krale, tegnieknaam.

**Vuhlalu bya tindleve** oorbelle gemaak van kralestringe, **rintoto**-tegniek.

## Armbande

**Xifejani** armsieraad van kralestringe om mekaar gedraai volgens die **xisontana**-tegniek. Kyk ook beenringe.

**Xikhurumudzu** armringe van kralestringe (**rintoto**-tegniek) wat oor 'n stywe basis (gras of lap) gewerk word.

**Xiphodzo** bo-armsieraad van krale gemaak volgens die maas - of ruittegniek (sien onder). Geen Tsonganaam vir tegniek.

## Beenringe

**Xikhurumudzu** beenringe van krale stringe (**rintoto**-tegniek) wat oor 'n stywe basis gewerk word soos armringe en nekringe.

**Xifejani** beensieraad van kralestringe wat om mekaar gedraai word volgens die **xisontana**-tegniek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

### Heupversiering

**Xifunga** lyfgordel van kralestringe (**rintoto**-tegniek), word om 'n basismateriaal (gras of lap) gedraai.

**Xiqovochela/xipereta** kralelappe volgens die geweefde voorkoms-tegniek, tegnieknaam.

**Ndlhama** lang kralelap volgens die maas- of ruittegniek (sien onder) wat op **xigejo** gedra word. Geen Tsonganaam vir tegniek.

**Tikhwini** enkelvoudige lang kralestringe (**rintoto**-tegniek) van groot plastiekkrale. In vele kleure saam as heupsieraad gedra.

**Xanga** heupsieraad volgens die **xiqovochela**-tegniek (geweefde kralewerk).

### Verdere Kralesierade

**Nceka** doek met krale versier volgens oppervlaktebedekking.

**Xiyandhana** doek met krale versier volgens oppervlaktebedekking.

**Qonto** 'n soort knoop wat van krale gewerk word om punte aan mekaar vas te werk of te heg.

**Xithabana** en **xintewana** mandjiestel (basis en deksel). Tegnieke wat gebruik word, is hoofsaaklik maas- of ruittegniek en oppervlaktebedekking (sien onder).

**Xipachi** beursie volgens die **xiqovochela**-tegniek (geweefde kralewerk).

**Mfuku** snuifhouers met krale versier/oortrek volgens maas- of ruittegniek, asook **xiqovochela**-tegniek.

**Xipfukwani** 'n buisvormige heupsieraad (**thumbu**) volgens **xizambana** asook maas- of ruittegniek vervaardig om 'n snuifhouer te hou.

**Madliridliri** Tsongapoppie of **n'wana** vervaardig van kralestringe om basis gedraai.

Moderne voorwerpe: bottels, kalbasse, stokke e.a. word met kralewerk bedek volgens maas- of ruittegniek of oppervlaktebedekking.
Sambrele - word ook versier met motiewe volgens die oppervlaktebedekkingstegniek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Bloes van kralewerk word vervaardig volgens die tegniek vir **xiqovochela** of geweefde kralewerk.

**Afrikaanse Tegniekbenamings**

Geweefde kralewerk - die tegniek, wat die effek van weefwerk gee, word hoofsaaklik vir kralelappe of **xiqovochela** gebruik. Daarom word hierdie tegniek ook **xiqovochela** genoem. Krale word dig aan mekaar geryg en gee die weefvoorkoms.

Maas- of ruittegniek - anders as by die weefeffek, gee hierdie tegniek 'n los voorkoms; krale word so geryg dat daar openinge ontstaan tussen die ingerygde kraletjies. Word vir **thumbu, ndlhama, xithabana** en **xintewana** gebruik, asook vir die bedekking van voorwerpe soos bottels, kalbasse ens.

Oppervlaktebedekking - word hoofsaaklik op materiaal en op die mandjiestel aangebring. Twee tegnieke, naamlik middelhegting en kanthegting kom voor.

5.2.3.1 *Rintoto*

Die eenvoudigste metode om kralesierade te vervaardig is die inryging van krale op katoengaring om 'n enkele string, **rintoto**, te vorm (fig. 5.2a).





*Fig 5.2a en b*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die **rintoto** kan net so as 'n enkele string gedra word. Dit word ook meermale om die pols gedraai en so gedra. Babas dra dikwels kralestringe om die pols of enkel. Die **n'anga** dra dit ook om sy pols.

Kralestringe word op verskeie maniere as enkelstringe of in kombinasie met ander tegnieke op voorwerpe aangewend.

Wanneer twee **rintoto** om mekaar gedraai word, gee dit 'n spiraaleffek soos op foto's 5.18, 5.20 gesien kan word (fig. 5.2b). Stringe van dieselfde kleur of van verskillende kleure kan gekombineer word. So 'n sieraad word **xisontana** genoem. Die **xisontana** word dikwels in kombinasie met die **xizambana** verwerk soos foto 5.18 duidelik toon. Die **xizambana** sal hier onder bespreek word.

Enkelvoudige kralestringe word ook gebruik om om 'n basis te draai. Voorbeelde is die Tsongapop, **madliridliri** (foto 5.57), die heupgordel, **xifunga** (foto 5.45), en die neksieraad vir babas, **xidlalatana** (foto 5.36). Sommige arm- en beenringe, **swifejani** en **swikurumudzu** word ook volgens hierdie tegniek vervaardig.

Vir die oorbelle, **vuhlalo bya tindleve** word ook enkelvoudige kralestringe gebruik.

Sommige kralewerkartikels word omsoom of afgewerk met **rintoto**, met **xizambana** of met **xisontana** (foto's 5.34, 5.48, 5.49, 5.50, 5.51). Enkelvoudige stringe wat los afhang om tossels te vorm, **khaca**, kom ook by verskeie artikels voor. Die heupversiering, **xanga**, (foto 5.52), halssieraad (foto's 5.32 - 34), kralelappe, **xiqovochela** (foto 5.26), en die **ndlhama**, heupversiering (foto 5.25) is almal met tossels afgewerk.

### 5.2.3.2 *Xisontana*

Hierdie sieraad wat uit enkelvoudige stringe wat om mekaar gedraai is bestaan, is reeds hierbo beskryf (fig. 5.2b).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

### 5.2.3.3 *Xizambana/Xizambani*

Die sieraad wat **xizambana** genoem word, word volgens 'n eie tegniek vervaardig.

**Xizambana** is die benaming vir die tegniek wat gebruik word om 'n besondere buisvormige sieraad te vervaardig. Kyk na foto 5.19a en 5.29 - 34 om die verskillende buisvormige halssierade te sien. Elke voorwerp het 'n ander naam, omdat die tegniek en veral kleuraanwending verskil. Alhoewel almal buisvormig is, word net een tipe **thumbu** genoem (**thumbu** beteken derm, en dus buis). **Xizambana** is no. 5,6,7 op foto 5.19 en 5.18a. Met hierdie tegniek kan smal or breë halssierade vervaardig word. Die tegniek laat 'n keuse van hoe breed die sieraad sal wees. Dit wil voorkom asof die smaller tipe buisvormige halssierade **xizambana** genoem word en die breër tipe **thumbu**.

**Stap (1):**

'n Stuk wol, tou of garing wat meermale heen en weer gevou word, word as basis te neem. Neem 'n nuwe stuk garing, steek deur naald en vou dubbel, maak knoop. Ryg 12 (16, 20, 24, ens.) wit krale in, vou die naald met garing om die basis en ryg weer terug deur 6 van die 12 kraletjies. Ryg nog 6 krale in vou weer om basis en gaan 'n tweede keer deur die 6 krale. Herhaal totdat daar 8 (of meer, na gelang van breedte van voorwerp) stringetjies van 6 krale elk is.

**Stap (2):**

Neem die garing nou deur die eerste 6 krale (stringetjie no. 1) wat nog los hang, vou om basis en gaan terug deur stringetjie no. 8. Die plat strook is nou omgevou en vorm 'n buis.

**Stap (3):**

Ryg nou weer 12 rooi (of blou, geel, groen) krale in, steek naald met garing om die vorige ry se garinglus wat gevorm het tussen stringetjie no. 1 en 2, steek garing weer terug deur 6 van die vorige rooi krale van tweede ry. Ryg weer 6 rooi krale in, vou om vorige ry se basislus en terug deur die 6 rooi krale. Herhaal totdat daar weer 8 stringe is wat die buis voltooi. Gaan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur stringetjie No. 1 van rooi ry en terug deur no. 8 en begin die volgende ry, weer met wit krale. Herhaal totdat die gewenste lengte verkry is. Wanneer garing klaar is, moet 'n nuwe stuk geneem word en die punt in die sieraad verwerk word.





*Fig. 5.3*

Rooi, blou of groen krale word met wit afgewissel (foto 5.18a en b). Die **xizambana** word ook in kombinasie met **xisontana** verwerk. Foto 5.29-5.34, 5.60 wys die verskillende breedtes en ander variasiewyses waarop hierdie tegniek gebruik word. Foto's 5.37 en 5.49a toon hoe die **xizambana**-string vir afwerking van ander sierade aangewend word.

### 5.2.3.4 *Thumbu*

Vir die **thumbu** word die volgende tegnieke gebruik: **xizambana**, **ntomani**, maas- of ruittegniek, geweefde voorkomstegniek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

### 5.2.3.5 *Ntomani*

Hierdie sieraad het sy eie tegniek, alhoewel dit met die **xizambana** ooreenstem. Die tegniek wat gebruik word, gee aan hierdie voorwerp 'n gestreepte voorkoms en herinner die Tsonga aan die mopaniewurm, **ntomani**. Daarom word aan hierdie halssieraad dieselfde naam gegee (foto 5.19a, 2,3,4). Die tegniek wat hier gebruik word, is ietwat anders as die voriges en deur die spesifieke manier waarop die krale aangewend word, word die streep-effek verkry. Fig. 5.5 illustreer die tegniek.





*Fig. 5.5*

**Stap (1):**
Eintlik is die tegniek dieselfde as vir die **xizambana** behalwe dat daar in hierdie geval net 3 krale in plaas van 6 of meer op 'n stringetjie geryg

word. Skep weer eens 'n basis van wol, tou of garingstringe. Die lengte van die basis word bepaal deur die gewenste breedte van die sieraad. Neem 'n nuwe stuk garing en knoop die punt. Werk hierdie deel in die basis vas en ryg 1 groen (of ander kleur) 1 wit, 2 groen, 1 wit, 1 groen kraletjies in, vou die garing om die basis en steek die naald weer deur die laaste 3 kraletjies. Ryg weer 3 krale in (1 groen, 1 wit, 1 groen), vou om basislus en gaan terug deur die 3 krale, ryg weer 3 krale by en herhaal totdat die gewenste breedte verkry is.

**Stap (2):**
Begin die nuwe ry, weer met ses krale in omgekeerde volgorde, d.w.s. 1 wit, 1 groen, 2 wit, 1 groen, 1 wit, en herhaal die hele proses totdat die gewenste lengte van die kralesieraad verkry is.

Om 'n buis te vorm, kan die kralestuk wanneer dit klaar is, omgevou word. Die twee kante kan dan aan mekaar vasgewerk word. 'n Tweede metode is om na die eerste ry geryg is die stuk om te vou, die garing deur stringetjie no. 1 te ryg en weer terug deur die laaste stringetjie. Vervolg dan met die tweede ry.

### 5.2.3.6 *Mhaninkulu*

Hierdie halssieraad word volgens sy eie tegniek vervaardig, alhoewel dit hoofsaaklik uit kralestringe bestaan.




***Fig. 5.6***

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Stap (1):**

Neem 20 of meer of minder stukke garing wat ongeveer 80 cm lang is en dubbel gevou word. Ryg op elke dubbele garing ongeveer 60 wit kraletjies, sodat 20 kralestringe, **rintoto**, gevorm word. Verdeel die dubbele garing en voeg dit met die enkele een wat daarnaas lê om weer 'n dubbele garing te vorm. Ryg nou weer 60 rooi kraletjies op die nuutgevormde dubbelgaring. Die dubbelgaring word weer verdeel en 60 wit kralestring word dan ingeryg. Herhaal met blou krale, wit krale, rooi krale, wit krale, groen krale. Die kleurkombinasies kan gevarieer word (vergelyk foto 5.21a en b). Verbindingstroke kan op hierdie manier vervaardig word. Dit gee dieselfde effek as wanneer die **xizambana**-tegniek gebruik word.

**Stap (2):**

Die loshangende garingpunte word nou netjies om mekaar gedraai om 'n knop te vorm wat dan met kraletjies oorgetrek word sodat 'n netjiese verbindingsknoop, **qonto**, die twee punte aan mekaar bevestig.

5.2.3.7 *Xifhune*

Die **xifhune** is dieselfde as die **xisontana** en word volgens die **xisontana**-tegniek vervaardig deurdat twee stringe krale om mekaar gedraai word.




*Fig. 5.7*

5.2.3.8 *Xidlalatana*

Vir hierdie neksieraad vir babas word kralestringe, **rintoto**, om 'n stywe kern gedraai. Die punte word verdik en met krale oortrek om **qonto** te vorm.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






*Fig. 5.8*

Gras of 'n stuk lap word gevou om 'n rol te vorm. Die lengte word bepaal deur die dikte van die baba se nek. Om hierdie kern word kralestringe gedraai. Die twee punte van die kern vorm 'n verdikking wat dan netjies met krale oortrek word. Om hierdie **qonto** word 'n kralelus en 'n knoop aangewerk, sodat die voorwerp om die baba se nek bevestig kan word. 'n Loshangende kralestringetjie hang van die punte af (foto 5.36).

5.2.3.9 *Maranga*

Die **xiqovochela**, geweefde voorkoms-tegniek, word vir hierdie sieraad gebruik. Besondere effekte word verkry deur kleuraanwending. Afronding word gedoen met **xisontana**, **xizambana**, **rintoto** en **qonto** (foto 5.21a - 28d).

Die tegniek sal onder afdeling 5.2.3.20 beskryf word. Twee lang, smal kralelappe van ongeveer 8 cm x 30 cm word vervaardig en met enige gewenste patroon ingewerk. Die patrone op die twee stukke verskil. Die twee basiskante (beginpunte) word aan die punte met **xizambana** of **xisontana** wat 10 cm tot 12 cm lank is met mekaar verbind. In baie gevalle word die voorkant van hierdie sieraad daaraan uitgeken dat 'n knoop in die verbindingstuk gewerk word. **Qonto** of die kraleknoop word ook gebruik om die verskillende dele aan mekaar te heg. Die afrondingswerk kan op foto 5.37 gesien word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

5.2.3.10 *Matsunyetsunye*




*Fig. 5.10*

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek wat hoofsaaklik uit vlegwerk bestaan gemaak. Perdesterthare word in plaas van garing as rygmedium gebruik. Kraletjies word soos op fig. 5.10 aangetoon word hier en daar in die gevlegte perdesterthare ingewerk.

Slegs geel, pienk-pers of turkoois-blou kraletjies word vir hierdie sieraad saam met perdesterthare, **vudoga** (vgl. voetnota 5.3), aangewend. Drie stringe perdesterthare word saamgevleg. 'n Aantal kraletjies word op een perdesterthaar geryg. Een kraletjie word dan in die voorwerp ingevleg (vlg. fig 5.10) voordat vlegwerk weer voortgaan. Daarna word 'n verdere kraletjie aan die teenoorgestelde kant van die sieraad (vgl. foto 5.8) ingevleg.

'n Hele aantal van hierdie verwerkte stringetjies word dan saamgebondel. Die los punte word op verskeie maniere verwerk soos bv. deur 'n stuk tou stewig om die punte te draai. Kraletjies kan gebruik word om hierdie knoop te bedek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012




*Fig 5.11*

## 5.2.3.11 *Maqalaka*

Hierdie sieraad het sy eie tegniek. Ook hier word perdesterthare, **vudoga**, slegs saam met geel, pienk-pers of turkoois-blou krale gebruik.

Neem 6 perdesterthare. Maak 'n knoop of vleg die beginpunt van die hare saam en verdeel in drie dele. Op een van die twee middelste hare word 'n aantal krale geryg. Neem nou twee van die kraletjies en plaas tussen die buitekantse twee dubbele hare soos op fig. 5.11. Die los middelste sterthaar word regs oor die basishaar gevou, deur die twee kraletjies geryg en weer onder die linker basishaar gevou. Die punt van die haar met die kraal aan word oor die linker basishaar, terug deur die twee kraletjies en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder die regter basishaar gevou. Voeg twee nuwe kraletjies by en herhaal die proses.

'n Hele aantal van hierdie kralestroke word ingeryg en dan saamgebondel gedra. Die punte word dan weer op verskeie maniere met mekaar verbind. Daar is geen vaste voorskrifte vir die afronding van die punte nie, solank hulle net stewig met mekaar verbind word. Dikwels word 'n kraleknoop, **qonto**, gevorm. Tou wat stewig om die punte gedraai word, dien ook as afronding.

5.2.3.12 *Mihlalanyoni*




*Fig. 5.12*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hierdie sieraad het sy eie tegniek, maar bestaan hoofsaaklik uit vlegwerk soos vir **nwamatatana** (fig. 5.17) gebruik word.

Drie perdesterthare, **vudoga**, word gebruik (enkel of dubbel) waarop geel, pienk-pers, of turkoois-blou krale geryg word. Die stringe word gewoonweg gevleg. Met elke oorslaan word een kraletjie in die stuk gevleg soos fig. 5.12 duidelik toon.

'n Hele aantal gevlegte stringe word dan saamgebondel gedra. Die punte word op verskeie maniere aan mekaar geheg. Tou kan stewig om die punte gedraai word, of 'n stewige knoop word gevorm en met kraletjies oorgetrek om **qonto** te vorm.

### 5.2.3.13 *Khunara*

**Khunara** is die Tsonganaam vir groot plastiekkrale van 'n verskeidenheid kleure. Hierdie krale word soos vir die **matsunyetsunye** met perdesterthare ingevleg. Hierdie voorwerp wat uit 'n klomp van dieselfde stringe bestaan of in kombinasie met stringe **maqalaka** vervaardig word, word **khunara** genoem.

Hierdie sieraad is dus 'n variasie op voorgenoemde **matsunyetsunye** en **maqalaka**. Die tegnieke word dus nie weer beskryf nie. (vgl. foto 5.8).

### 5.2.3.14 *Chayeni, Mugangu en Xifezane*

Twee tegnieke word vir hierdie drie hoofsierade gebruik. **Chayeni** (afgelei van "chain" of ketting) het sy eie tegniek en verskil van die **mugangu** wat die effek van geweefde kralewerk gee. Deur die aanwending van kleurkrale kan 'n verskeidenheid patrone bewerkstellig word (vgl. foto 5.28). Die benamings wat voorkom, is verwarrend, omdat dieselfde sieraad wat volgens dieselfde tegniek gemaak word, maar slegs 'n ander patroon vertoon, met 'n ander naam genoem word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012





*Fig. 5.14(a)*

Neem 'n lang dubbelgevoude garing en ryg 'n hele aantal kraletjies in (na gelang van die gewenste lengte van die voorwerp). Wit en kleurkrale word gebruik deur afwisselend 1 wit 3 rooi, 1 wit 3 rooi ens. te ryg.

Die laaste kraletjie is wit en die sieraad word begin deurdat alle ingerygte kraletjies in die middel van die lang garingbasis geskuif word. Begin deur die eerste drie rooi kraletjies oor te slaan en ryg die garing deur rooi kraletjie no. 6,5,4 in hierdie volgorde. Slaan weer 'n wit kraletjie oor en ryg deur 9,8,7, slaan wit oor en dan deur 12,11,10. Herhaal. Bevestig punte.

Die **mugangu** en **xifezane** word volgens dieselfde tegniek vervaardig.

Ryg ongeveer 10 kraletjies in. Slaan een oor en neem garing terug deur die volgende kraletjie van vorige ry, no. 8. Ryg 1 in no. 12, en gaan terug deur no. 7. Ryg een in, no. 14, en gaan terug deur no. 5.

Na kraletjie no. 18, gaan terug deur kraletjie no. 1 en ryg een by, no. 19. Neem nou garing terug deur no. 18, ryg een by, no. 20, en gaan deur vorige ry se no. 17. Herhaal dieselfde proses. Deur die inwerking van kleurkrale word patrone verkry soos op fig. 5.14b gesien kan word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







*Fig. 5.14 (b)*

Aangesien hierdie 'n hoofsieraad is, moet dit om die hoof pas. Hierdeur word die lengte van die voorwerp bepaal. Die punte word bevestig deur die garing aan die einde deur die eerste ry te verwerk.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 5.2.3.15 *Khazi/Xikasani/Khayisa*

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek verwaardig. Ook in hierdie geval word perdesterthare deur krale geryg. Die tegniek kan duidelik op fig. 5.15 gesien word.




*Fig. 5.15*

### 5.2.3.16 *Rindzhela/Landzela/Xilandzelani*

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek gemaak, alhoewel dit ooreenstemminge vertoon met die **maqalaka**.

Perdesterthare, **vudoga**, word gebruik saam met geel krale. Blou en rooi kraletjies word gebruik om patrone in te werk.

Begin deur 4 of 5 dubbele perdesterthare wat die basis vorm, as skering uit te lê. Ryg 3 of 4 kraletjies in op aparte inslaghaar, neem inslag onder om basis no. 2, ryg 3 krale in, gaan terug oor basis no. 3, ryg 3 krale in gaan onder om basis no. 4, ryg 3 krale in gaan oor basis no. 3, ryg 3 krale in en gaan onder om basis 2, ryg 3 krale in en gaan bo-oor basis no. 1, en terug na no. 2, ryg 3 krale in en gaan bo-oor basis no. 1.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







*Fig. 5.16*

Herhaal totdat gewenste lengte verkry is. Dit moet om die hoof pas. Bevestig die punte.

5.2.3.17 *Nwamatatana*

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek gemaak. Dit bestaan hoofsaaklik uit vlegwerk. Die tegniek is dieselfde as vir **mihlalanyoni** (fig. 5.12) maar word weer in fig. 5.17 verduidelik.

Anders as by **mihlalanyoni** word vir hierdie sieraad blou, geel, rooi en groen krale gebruik en is dit volgens die vlegtegniek saamgestel. Drie stringe perdesterthare word 'n paar keer saam gevleg as begin. Dan word 'n aantal krale op al drie haarstringe ingeryg. Die vlegwerk gaan voort, maar by elke omvou word 'n kraletjie in die perdestertvlegwerk ingewerk. Na ongeveer vier of vyf sentimeter word die perdesterthare weer sonder krale gevleg. Daarna word 'n ander kleur kraletjie ingewerk.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






*Fig. 5.17*

Ongeveer vyf van hierdie gevlegte stringe word dan saamgebondel, die punte word bevestig. 'n **Qonto** verbind die onderskeie stringe tussen al die krale-ingevlegte dele (vgl. foto 5.28d).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

5.2.3.18 *Xifejani*

Dieselfde tegniek soos vir **xisontana** word gebruik, dit wil sê twee stringe krale van dieselfde kleur word om mekaar gedraai en aan die punte bevestig om 'n arm- of beenring te vorm.

5.2.3.19 *Xikhurumudzu*

Twee tegnieke word vir hierdie voorwerp gebruik, 'n string krale, **rintoto**, word om 'n kern of harde basis van lap, wat 'n rol vorm, of gebondelde gras, gedraai en die punte aan mekaar bevestig om 'n arm- of beenring te vorm. Die verskillende patrone wat kenmerkend is vir hierdie Tsonga-arm- of beenring, **xikhurumudzu,** word verkry deur gekleurde krale in te ryg. Die kuns lê daarin om die stringe so om die kern te draai dat eweredige, geometriese patrone ontstaan. Soos met alle kralewerk, verg die maak van hierdie voorwerp baie geduld.

Die tweede tegniek gebruik die geweefde voorkoms-tegniek (5.2.3.20) of tegniek vir **xiqovochela** wat in hierdie geval ook oor 'n basis of kern van 'n grasbondel of gerolde stuk lap, gewerk word.

5.2.3.20 *Xiqovochela*

Kralewerk volgens hierdie tegniek gee die voorkoms van geweefde kralewerk. 'n Ander naam vir die **xiqovochela** is **xipereta** (afgelei van speld of haakspeld). Hierdie kralelappe word met haakspelde aan die dansrok vasgesteek. Dit is een van die min sierade waarin motiewe gewerk word en elke stuk kry sy naam volgens die motief wat daarin voorkom. Die **maranga**, soos reeds genoem is, word ook volgens hierdie tegniek vervaardig en sommige artikels soos bottels, stokke, kalbasse en die arm-, nek- of beenringe, **swikhurumudzu**, word volgens hierdie tegniek vervaardig.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







*Fig. 5.20*

Begin om 'n basistou of meermale gevoude stuk garing te neem. Knoop 'n verdere stuk dubbelgevoude garing aan sy punt en bevestig in die basis. Ryg een wit kraletjie in, vou garing om basis en ryg garing weer terug deur kraletjie no. 1. Ryg een in, vou om basis en gaan weer terug deur kraletjie no. 2. Ryg nog een kraletjie in, vou om bais en gaan terug deur no. 3. Wanneer die volgende ry begin word, word een ekstra kraletjie ingeryg, liefs van 'n ander kleur, want dit gee dan dadelik 'n mooi randjie aan die sieraad. Ryg nog een wit kraletjie in, vou om basis, in hierdie geval die lus wat gevorm het tussen twee kraletjies van die vorige ry, ryg een in, vou om vorige basis en herhaal. Motiewe word in alle **xiqovochela** gewerk en sal onder 5.2.4 bespreek word. Wit krale dien altyd as basis en die motiewe word met krale van 'n ander kleur ingewerk. Foto 5.27 toon 'n verskeidenheid **xiqovochela**.

Die onderpunt word afgewerk deur twee rye kralestringetjies of fraaiings, **makhaxa**, van 3 of 4 kraletjies wat afhang, aan mekaar te werk, sodat dit 'n stewige rand vorm. Op foto 5.26c kan die afwerking gesien word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

5.2.3.21 *Maas- of ruittegniek*

Die Tsonga het nie 'n benaming vir hierdie tegniek nie. Verskeie voorwerpe word volgens hierdie tegniek vervaardig of met hierdie tegniek bedek, soos die mandjiestel **xithabana** en **xintewana**. Een van die buisvormige halssierrade, **thumbu**, asook **xiphodzo**, word met hierdie tegniek vervaardig en sommige voorwerpe soos kalbasse of bottels word op hierdie wyse versier. Die kort dansromp, **xigejo** wat die **n'anga** dra, word deur 'n lang kralestrook, vervaardig volgens hierdie tegniek, bedek. Die gebruik van verskillende kleure krale gee weer eens verskillende effekte.

Van Schalkwyk beskryf die maas- of ruittegniek soos volg:

> *Beginnende met 'n basis, gewoonlik 'n stuk tou of gare, word stringe gare daaroor gevou om 'n dubbele string te vorm. 'n Kraal of krale word dan aan elke dubbele string ingeryg en opgestoot tot teen die basis. Die gare word dan van mekaar geskei en 'n paar krale op elk ingeryg. Op die stadium word die naaste gare van elke naburige dubbelpaar met 'n kraal bymekaar gebring. Dit word dan weer geskei, 'n aantal krale ingeryg en die oorspronklike twee stringe weer bymekaar gebring en met 'n kraal vasgehou. Op hierdie wyse word klein diamantvormige patroontjies gevorm"*
>
> [1950:50]

Wanneer 'n persoon die sieraad ondersoek, lyk dit of dit volgens die tegniek wat Van Schalkwyk beskryf, gemaak is. Die Tsonga gebruik egter 'n ander tegniek wat presies dieselfde effek gee. Die kern van die tegniek is dieselfde. Afhangende daarvan of 'n los stuk vervaardig word en of dit bv. op 'n mandjie vasgewerk word, word daar op twee verskillende maniere begin soos op fig. 5.21a en b duidelik gesien kan word.

Fig. 5.21a wys die beginpunt op 'n egalige oppervlakte. Knoop 'n dubbelgevoude garing, steek deur basis (mandjie) en ryg 4 blou (of ander kleur) kraletjies in, steek die naald en garing ongeveer 6 milimeter verder weer terug deur basis en ryg een kraletjie aan agterkant in. Steek garing weer terug, min of meer deur dieselfde gaatjie, ryg weer 4 blou kraletjies in, steek weer deur basis, bevestig met een kraletjie en steek weer terug. Herhaal totdat daar rondom die mandjie se bokant gewerk is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012





*Fig 5.21 a en b*

Tweede ry: Ryg 4 blou en 1 wit kraletjie in. Vou garing om vorige ry se basis tussen kraletjie no. 2 en no. 3 en ryg weer deur die wit kraletjie. Neem weer 4 blou en 1 wit kraletjies, vou om basis tussen kraletjie 3 en 4 en terug deur die wit kraletjie. Herhaal ry vir ry op die manier. Die aantal krale tussenin kan varieer en word bepaal deur die gewenste opening.

Fig. b toon hoe dieselfde tegniek as 'n los stuk gewerk word, dit wil sê met geen vashegting op 'n basis nie. Daar word begin met een lang kralestring wat dan die basis vorm. Die illustrasie het geen verdere verduideliking nodig nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

#### 5.2.3.22 *Oppervlaktebedekking*

Buiten die maas- of ruittegniek is daar ook ander maniere waarop krale aan 'n oppervlakte vasgewerk kan word. Van Schalkwyk [1985:50-51] onderskei hier 2 tegnieke wat gebruik word, nl. kanthegting en middelhegting. Ook by hierdie tegnieke kon geen besondere Tsonganaam bepaal word nie.

By kanthegting word stringe krale wat in lengte kan varieër slegs aan die punte aan die basismateriaal, lap of mandjie, geheg. (vgl. foto 5.22). Mandjies, **xithabana**, word dikwels op hierdie manier bedek (foto 5.23b).

Wanneer krale in sirkels of boë of asimmetries op 'n lap of ander basis geheg word, word die middelhegtingstegniek gebruik. Die krale word aan die basismateriaal geheg slegs waar dit nodig is, sodat die patroon wat uitgelê word sy vorm behou (vgl. foto 5,16, 5.22b).

Samevattend kan genoem word dat daar 'n verskeidenheid kralewerktegnieke by die Tsonga voorkom. Variasie kom wel ook voor, maar wat hier beskryf is, is in die veld aangetref. Dit is nie 'n maklike taak om die tegnieke duidelik volgens een norm te klassifiseer nie, veral ook weens die voorkoms van tegniekvariasies en wisseling in kleuraanwendig.

### 5.2.4 Motiewe

Tsongakralesierade word veral aan hul motiewe en die rangskikking en kombinasies daarvan uitgeken. Die kleure en kleurkombinasies is 'n verdere tiperende kenmerk, sowel as die voorkoms en gebruik van die artikel. Buiten dat baie sierade hulle benamening volgens die tegniek wat gebruik word, verkry, is daar 'n reeks sierade, hoofsaaklik heupversierings, wat volgens die motiewe wat op hulle voorkom genoem word.

Die Tsongamotiewe sowel as die voorkoms van die krale-artikel verskil baie van die omliggende Sotho, Swazi en Ndebele en toon eerder ooreenkomste met Zulu-kralewerkmotiewe. Dieselfde geld vir die kleure. Die Zulu het hul kralesierade sowel as die motiewe wat daarin aangebring word net baie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

meer vervolmaak as die Tsonga wat vereenvoudigde motiewe gebruik. Dit maak die sierade nie minder aanskoulik nie en verleen daaraan eerder 'n effek van helderheid of skoonheid. Dit mag ook te wyte wees daaraan dat die Tsonga altyd wit krale as basis gebruik. 'n Uitsondering is hier besondere nekversierings wat sterk swart perdesterthare as basis gebruik om die effek te verhoog (foto 5.8). Kralewerk van die Tsonga-Shangaan van die Mhaladistrik verskil aansienlik van die noordelike gebied onder bespreking. Kenmerkend is die afwesigheid van wit krale by hulle sierade (foto 5.79-80).

Alle motiewe stel iets voor en is meestal 'n stilering van iets uit die lewende wêreld rondom hulle. Die motiewe is meestal lynmotiewe en geometriese motiewe in enkel of gekombineerde voorkoms.

Alhoewel krale-artikels name het, word dit dikwels ook genoem na die motief wat daarop voorkom. Alle "kralewerklappe", word gewoonlik **xiqovochela** genoem, of in meer onlangse tye **xipereta** afgelei van speld (haakspeld) - omdat dit met spelde aan die dansrok vasgeheg word. Die motief op die lap is egter belangriker ten opsigte van benaming as die tegniek van vervaardiging. As informante gevra word na die naam van 'n artikel, dan sal hulle soms sê **nyeleti** (ster) of **ximhangele** (tarentaal) ens. By verdere ondersoek word dit dan duidelik dat dit eintlik **xiqovochela xa nyeleti** of **xiqovochela xa ximhangele** is. Dit is, die lap met die ster of die lap met die tarentaal.

Onderstaande illustrasies stel die verskillende motiewe voor en die name wat daarvoor gebruik word. Vergelyk foto's 5.24-27 om te sien hoe hierdie basiese motiewe gevarieerd en gekombineerd voorkom. Die kleure, soos op die foto's gesien kan word, is die regte kleure wat deur die Tsonga vir baie dekades reeds gebruik word. Sommige name is beskrywend van iets uit die alledaagse lewe, ander benamings is slegs die naam vir die besondere motief en het nie 'n betekenis nie. Variasies kom voor en nuwe motiewe word ook deesdae gebruik.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012




*Fig. 5.2.4.1 - Xiqovochela xa ximhirani (pofadderpatroon of slangspoor)*




*Fig. 5.2.4.2 - Xiqovochela xa ndhayimani (diamant)*




*Fig. 5.2.4.3 - Xiqovochela xa ximhangele (tarentaal)*




*Fig. 5.2.4.4 - Xiqovochela xa nyeleti (ster)*




*Fig. 5.2.4.5 - Xiqovochela xa xisahani (saag)*




*Fig. 5.2.4.6 - Xiqovochela xa xibayana*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012




*Fig. 5.2.4.7 - Xiqovochela xa xindlhama*




*Fig. 5.2.4.8 - Xiqovochela xa xileyi (slee) en xiqovochela xa nseve (pyl)*




*Fig. 5.2.4.9 - Xiqovochela xa xinyoka (slang)*




*Fig. 5.2.4.10 - Xiqovochela xa xisoyaphi*




*Fig. 5.2.4.11 - Xiqovochela xa xigwagwa (dissel)*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 5.3 VERSKILLENDE KRALESIERADE EN GEBRUIKE

Om die regte name en beskrywings vir die verskillende kralesierade te verkry, is, soos reeds genoem is, 'n verwarrende onderneming, omdat daar bv. nie name vir alle spesifieke artikels is nie, en 'n voorwerp, óf volgens die motief of tegniek, óf omskrywend benoem word. Hierdie toedrag van sake het die ondersoek baie bemoeilik. Benamings verskil ook van gebied tot gebied en dan kry ons ook nog ou benamings en moderne name. Hieronder word op grond van die klassifikasiestelsel (5.2.3) die verskillende kralesierade en hul gebruike beskryf.

Kralesierade word hoofsaaklik deur vrouens gedra, alhoewel mans ook soms tydens feestelikhede sierade dra. Sommige stukke word verbind met ouderdomsgroepe, soos die **xanga**, wat deur meisies tydens en veral na die inisiasieperiode gedra word. Sekere krale-artikels is deel van die toebehore van die **n'anga**, en in hierdie konteks is daar 'n magiese of simboliese verband. Soos bo reeds genoem, word wit krale verbind met die voorvadergeeste. Die rooi krale dui hoofsaaklik op besetting van die Ndaugeeste en die heksagonale, blou kraal, **vathlari,** word ook met voorvaders verbind en as heilig beskou. Wanneer segspersone gevra word na die betekenis van motiewe of van sekere voorwerpe, word gewoonlik gesê dat dit niks beteken nie en net vir die mooiigheid gemaak en gedra word.

Omdat kralewerk hoofsaaklik tydens sosiale geleenthede gedra en vertoon word, het dit veral met die sosiale organisasie verband. Daar is nie so 'n sterk aanwesigheid van kralewerk tydens bv. ekonomiese, politieke en ander bedrywighede soos in die geval van erdewerk nie. Derhalwe word hier nie 'n hele afdeling aan die verband met verskillende kultuurfasette gewy nie. Slegs waar dit nodig is, sal verwys word na bv. magies-religieuse verband.

### 5.3.1 Halssierade

Die Tsonga het nie 'n versamelnaam vir hierdie sierade nie. Daar word desondanks 'n hele verskeidenheid onderskei. Daar is ook nie voorskrifte

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

watter sierade saam met ander gedra of nie gedra mag word nie. Elke persoon dra kralewerk volgens persoonlike smaak. Tydens danse poog 'n groep egter om eenvormig te verskyn.

5.3.1.1 *Xisontana (foto's 5.18a en b, 5.19b)*

Die sieraad word na die tegniek van vervaardiging genoem. Twee kralestringe, **rintoto**, word om mekaar gedraai. (fig. 5.26) (vgl. foto 5.21a en 5.19b). In die meeste gevalle word die **xisontana** en 'n **xizambana** saam gedra waar dit oor die een skouer geplaas word (foto 5.18a). Soms word dit in kombinasie met die **xizambana** vervaardig (foto 5.19b) en soms hang 'n snuifhouer aan die **xisontana** (foto 5.59). Ouer vrouens dra graag hierdie sieraad. Dit is 'n sieraad wat alledaags gedra kan word.

5.3.1.2 *Xizambana (foto 5.12, 13, 14, 15, 5.18a en 5.19a) buisvormige halssieraad*

Hierdie lang kralestring hang soos die **xisontana** oor die een skouer en val tot oor die skoot van die draer (vgl. foto 5.14). Korter variasies kom ook voor. Ouer vrouens dra hulle snuifhouers aan hierdie **xizambana**. Fluitjies wat tydens die danse gebruik word, word ook hieraan vasgeheg en om die nek gedra (foto's 5.14 en 15 en 5.19a). Hierdie sieraad word nie net tydens feestelikhede gedra nie, maar kan alledaags gedra word. 'n **Xizambana** is dikwels deel van ouer vrouens se alledaagse kleredrag.

5.3.1.3 *Thumbu (foto's 5.29-34)*

Die motief of effek wat die maakster wil verkry, bepaal die tegniek wat gebruik word. Verskeie tegnieke word dus vir die vervaardiging van die **thumbu** gebruik, soos die tegniek **xizambana** waarvan die breë **thumbu** gemaak word (foto 5.29), asook die **xithumbyana** (klein **thumbu**) (foto's 5.32-34). In die meeste gevalle word egter die geweefde voorkoms-tegniek, **xiqovochela**, gebruik. In alle gevalle is dit 'n buisvormige sieraad — vandaar die benaming **thumbu**, wat derm beteken en op die buisvorm dui. Sommige stukke bestaan uit 'n aaneenlopende buis wat aan die punte verbind is; ander moet aan die punte vasgeheg word deur 'n soort knoop en lus aan te werk. Die variasies van kleuraanwending laat 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

verskeidenheid effekte toe soos op foto's 5.30-31 gesien kan word. Die geweefde kralewerktegniek word in hierdie stuk **xiqovochela** genoem en is onder 5.2.3.20 beskryf.

Die eenvoudige **thumbu** is buisvormig en aaneen gewerk en word nie deur 'n soort knoop of tossels afgerond nie. Dit kan wissel in breedte van 3 tot 8 cm, word deur getroude vrouens gedra, maar deur veral ouer vrouens verkies (foto's 5.29-30). Die naam **muchayatambu** word ook soms gebruik.

'n Ander variasie is die **thumbu** met die tossels, **makhaxa**, aan die punte (foto's 5.31-34) wat deur jong meisies wat uit die inisiasieskool, **khomba**, gekom het, gedra word. Saaddoppe, klokkies of blink, ronde metaalplaatjies, **xiphambati**, word soms aan die punte van die tossels bevestig. Die tossels word altyd voor gedra.

Inligting dat hierdie **thumbu** met tossels gedra word deur hubare meisies word bevestig as 'n mens foto's vergelyk uit die Duggan-Croninversameling [1935] waar die meisies van hubare ouderdom ook 'n soortgelyke **thumbu** dra (foto 5.1). Hierdie voorwerp gee volgens informante die boodskap dat die meisie by die inisiasieskool was. Informante sê dat hierdie tipe **thumbu** ouer is as die bogenoemde een wat deur ouer vrouens gedra word. Vergelykings met ou foto's bevestig dit. Die lengte van die tossels, kleurvariasies, en ander variasies hang af van mode en smaak.

In die Duggan-Croninversameling dui plaat XV egter aan, dat jong dogtertjies ook met hierdie halssieraad met tossels gesien kan word. Informante sê dat dit nie reg is nie, maar dat die ma's waarskynlik die dogters ter wille van die foto wou opsmuk.

### 5.3.1.4 *Ntomani (foto 5.19a voorwerp 2,3,4)*

Die **ntomani** is presies dieselfde voorwerp as die **thumbu** en word op dieselfde wyse en by dieselfde geleenthede gedra. Die verskil in naam dui 'n besondere tegniekvariasie in kombinasie met kleuraanwending aan. Die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

effek wat verkry word herinner aan die streepvoorkoms van die mopaniewurm (vgl. 5.2.3.5).

#### 5.3.1.5 *Mhaninkulu (foto 5.21a en b)*

Hierdie halssieraad word ook deur ouer vrouens gedra veral tydens feestelikhede, maar dit kan en word ook soms alledaags gedra. Veral ouer vrouens vervaardig dit volgens 'n eie tegniek (vgl. 5.2.3.6).

#### 5.3.1.6 *Xifhune (foto 5.20)*

Die eintlike gebruik van die **xifhune** sal onder 5.4.3 bespreek word. Hierdie sieraad wat op dieselfde wyse as die **xisontana** vervaardig word, word by 'n ander naam genoem omdat die funksie daarvan verskil.

Fotos 5.18b en 5.20 dui die funksionele variasies aan wat in die tegniek voorkom en wat die naam bepaal.

**Xipachi**, 'n beursie van kralewerk, en snuifbottels, **xipfuku**, wat met krale oortrek is (foto's 5.58a en b en 5.59) en wat onder die akkulturatiewe voorwerpe tel, kan ook hier onder halssierade geklassifiseer word, aangesien dit ook aan kralestringe vasgeheg word (vgl. 5.4). Behalwe die **xifhune** wat met 'n dogter se inisiasieperiode verband hou, word al hierdie sierade gedra soos dit die draer behaag. Mans en vrouens kan die **xipachi**, **nyeleti**, **xipfuku** ens. dra. Dit word nie net tydens feestelikhede gedra nie.

#### 5.3.1.7 *Xidlalatana (foto 5.36)*

Hierdie nekring van krale is 'n beskermende halssieraad wat die jong baba om die nek kry, wanneer sy die lewe betree. (vgl. 5.3.5.3). Dit is een van die min medies-religieuse voorwerpe wat ons by die Tsonga aantref. Dit is bedoel om die baba se slap nekkie sterk te maak en word deur die familie se **n'anga** net na geboorte met medisyne gelaai wanneer die sieraad vervaardig word. Die vervaardiging word onder 5.2.3.8 bespreek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

5.3.1.8 *Chayeni (foto 5.19 b)*

Hierdie halssieraad word volgens die kettingtegniek (vgl. fig. 5.14a vir hoofsierade vervaardig, maar is net langer, sodat dit om die nek gedra kan word. Dit is 'n plat sieraad in vergelyking met die ander halssierade wat buisvormig of gedraai is. Die **chayeni** (afgelei van "chain" of ketting) word selde as halssieraad en meer dikwels as hoofsieraad gedra.

5.3.1.9 *Maranga (foto's 5.37-38) - Skouerlappe as nekversiering*

Alle **maranga** wat in die veld en in illustrasies gesien is, toon dat dit op dieselfde wyse maar volgens eie patroon en kleurkeuse gemaak word. Die motief op die een skouerband is die **xileyi** (sleemotief) terwyl die ander skouerband óf die **ndhayimani** (diamant) óf die **xisahani** (saagmotief) illustreer. Die geweefde kralewerktegniek word gebruik om hierdie sieraad te vervaardig (vgl. 5.2.3.9).

Asimmetrie is hier 'n duidelike kenmerk en is iets wat nogal algemeen by die Tsonga voorkom. Foto 5.37 toon dat daar hier en daar ekstra versieringsmotiewe aan die punte van die voorwerp ingewerk word. Geen streng voorskrifte heers nie. Die finale produk hang af van mode, smaak en vaardigheid.

Die **maranga** het ook 'n definitiewe voor- en agterkant: die agterkant word met 'n knoop, of iets soortgelyks soos 'n saaddop, aanmekaar geknoop. **Maranga** word meestal tydens danse en feestelikhede en deur getroude vrouens gedra. Dit is 'n voorwerp wat al vir baie jare deur Tsongavrouens gedra word.

5.3.1.10 *Maqalaka, matsunyetsunye, khunara, mihlalanyoni (foto 5.8)*

Krale word op 'n verskeidenheid van maniere op perdesterthare geryg en geknoop om verskillende effekte te verkry (vgl. fig. 3.2.3.10, 11,12,13).

Hierdie halssierade is baie gewild onder die Tsongavrouens, alhoewel dit van meer resente oorsprong is. Veral die middelste een op die foto,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

**matsunyetsunye**, is iets wat die afgelope 10 jaar of so in die mode is. Dit word van geel, turkoois-blou of pink-pers krale met perdesterthare, **vugoda**, vervaardig. Ouer vrouens dra dit tydens feestelikhede. Die sieraad is nie tipies Tsonga nie, maar vermoedelik van omliggende Sothostamme oorgeneem. Dit kom hoofsaaklik in die sentrale gebied waar daar baie Sotho-invloed is, voor. Die Tsongavrouens van vandag beweer egter dat dit 'n egte Tsongasieraad is en al lank voorkom.

5.3.1.11 *Xiqovochela (foto's 5.39-40)*

Die geweefde kralewerktegniek word vir hierdie kralelappe gebruik (vgl. 5.2.3.20). Alle stukke wat met 'n speld aan 'n ander oppervlakte soos die dansrok, **ndhindana**, aangebring word, word gewoonlik **xiqovochela** of **xipereta** genoem. Laasgenoemde naam is afgelei van speld, wat die meer moderne benaming is, en word onder die bespreking van heupsierade behandel.

Die voorwerp wat hier as halssieraad bespreek en op foto 5.39-40 gesien kan word, is 'n besondere stuk, wat aan 'n **thumbu** vasgewerk is en sodoende 'n voor- en agterpant vorm en om die nek gedra word. Deesdae word dit ook met spelde aan die nekgedeelte van die kledingstuk vasgesteek (foto 5.63).

Informante het nie 'n spesifieke naam hiervoor gehad nie maar noem die voorpant **xiqovochelo xa xisahani** en die agterpant **xiqovochela xa nyeleti**. Hierdie sieraad word na danse en ander feestelikhede gedra deur ouer en getroude vrouens. Variasies op die tema kom voor en in die afgelope vyf jaar tref 'n mens stukke aan wat al hoe langer en smaller is as die oorspronklike voorbeelde (foto's 5.7, 5.17 en 5.26 a en 5.63). Op die foto's kan gesien word dat hierdie sieraad in grootte en vorm kan wissel van baie lank (1000 cm) en smal (7 cm) tot breër (25 cm) en korter (35 cm) stukke. Dit word nie altyd as halssieraad gebruik nie, en kan ook ter versiering van die dansrok, maar dan as heupversiering gebruik word (vgl. foto 5.27). Die eintlike **xiqovochela** word onder 5.3.5.2 bespreek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 5.3.2 Hoofsierade - Mugangu - en oorsierade

**Mugangu** is oor die algemeen die versamelnaam vir hoofsierade. By nadere ondersoek sien ons dat slegs die met 'n bepaalde patroon **mugangu** genoem word. Hoofsierade volgens dieselfde tegniek, maar met ander kleure en patrone word **xifezane** genoem. Die **chayeni** (vgl. 5.2.3.14) moet ook hier in ag geneem word.

'n Smal kraleband van ongeveer 1 tot 3 cm breedte en so lank dat dit op die hoof pas, word deur jong ongehude meisies as 'n hoofversiering gedra (foto 5.28). Vergelyk ook Duggan-Cronin [1935, plaat XI] waar die foto 'n jong meisie toon wat gaan trou. **Mugangu** is afgelei van die word **gangisa** wat hofmakery beteken. 'n Verliefde of minnaar word **xigangu** genoem. Tydens die hofmakery dra die jong, verliefde meisie hierdie **mugangu**. Dit kan ook as geskenk aan die minnaar gegee word as 'n teken van liefdebetoning.

Die kleure en die motiewe wissel na gelang van smaak, maar die voorbeelde op die foto dui patrone aan wat algemeen gebruik word (vgl. foto 5.28). Sien ook foto 5.1, 5.32 oor die wyse waarop die **mugangu** gedra word.

Daar is ook nog die **khazi**, **rindhzela**, **nwamatatana** as hoofsierade (vgl. 5.2.3.15, 16,17). Hierdie hoofsierade word almal van perdestert en krale vervaardig en word hoofsaaklik na danse en ander feestelikhede gedra. Foto 5.66 toon hierdie sierade baie mooi.

Oorsierade, **vuhlalo bya tindleve**, word hier saam met hoofsierade behandel omdat dit met die hoof verband het. Vandag word 'n verskeidenheid oorringe van Westerse oorsprong deur die vrouens gedra (foto 5.3). Tradisioneel is 'n lang kralestring, **rintoto**, keer op keer deur die groot opening in die oorlob gedraai (vgl. foto 5.6). Wit kraletjies en groen, rooi of blou kraletjies word afwisselend ingeryg om 'n **rintoto** te vorm. Nadat die hele string deur die oor geryg is, word die punte bevestig. 'n Variasie is talle klein kralestringetjies wat 'n ring vorm en saam in die oor gedra word. Dit gee dieselfde effek (foto 5.28b, 5.41b). 'n String swart

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

krale deur die oor geryg dui daarop dat die vrou 'n weduwee is en oor haar man rou.

### 5.3.3 Armbande

Slegs armbande wat van krale gemaak is, sal hier bespreek word. Koper- en ander metaalarmbande word nie bespreek nie. Daar moet egter daarvan kennis geneem word, dat metaal arm- en beenringe ook deel uitmaak van die Tsonga se versierings (foto 5.3, 5.68).

Arm- en beenringe het dieselfde name. Dit is dus slegs ringe. Ons kry twee variasies, nl. dié wat volgens die spiraaltegniek om 'n kern van plantemateriaal of 'n rol van lap gedraai word. Hulle word **xifejani** genoem. Die ander, **xikhurumundzu**, word volgens die weeftegniek **(xiqovochela)** oor 'n kern van plantvesel gewerk. Beide voorbeelde (vgl. foto 5.41) word hoofsaaklik tydens feestelikhede, waar daar ook gedans word, gedra (vgl. 5.2.3.18,19). Die plantmateriaal wat gebruik word, is meestal bobbejaanstert of gebondelde gras. Huidig word ook 'n soort plastiekpyp gebruik en met krale oortrek. Die bont plastiekpyp word in hierdie plastiekeeu ook deesdae net so sonder kraleversiering as beenring gebruik.

#### 5.3.3.1 *Xifejani (foto 5.41)*

As die armbande op die foto's uit die Duggan-Croninversameling met die armbande uit die huidige tye vergelyk word (Plaat XI en foto 5.1) kan gesien word dat armbande van kralewerk reeds baie jare deur die Tsongavrouens gedra word.

Die vervaardigingstegniek wat gebruik word, is om 'n kralestring, **rintoto**, spiraalvormig om 'n plantaardige kern te draai en die punte aan mekaar vas te werk. Soms word ook 'n lap as basis gebruik, maar dan is die voorwerp gewoonlik te slap. Die armband word enkelkleurig vervaardig, maar verskeie kleure **xifejani** word saam gedra.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die **xifejani** kan óf saam met metaalarmbande om die pols gedra word, óf as een of twee armbande aan die bo-arm. Dit word ook saam met metaalbeenringe om die enkels gedra.

5.3.3.2 *Xiphodzo (foto's 5.42)*

Die voorwerp word volgens die ruit- of maastegniek gemaak en die twee punte word dan aan mekaar vasgewerk (vgl. 5.2.3.21).

Die **xiphodzo** word aan die bo-arm gedra. Die voorbeeld op foto 5.42 dien vir klein babadogterjies en word aangesit op die dag waarop sy vir die eerste keer uit die hut mag kom. Dit word vir die mooiigheid aan die dogtertjie se arm gewerk en sodra die dogtertjie so oud word dat sy die krale sal stukkend maak, word dit verwyder. Dit is egter nooit in die veld gesien nie. Wel die groter variasie wat volwasse vrouens om die bo-arm dra. Dit kan ter eniger tyd as versiering gedra word.

5.3.3.3 *Xikhurumudzu*

Op foto 5.41b kan arm- en beenringe gesien word wat volgens die geweefde kralewerktegniek vervaardig word. Die armringe word daaraan uitgeken dat hulle kleiner in deursnee as die beenringe is. Op grond van dialektiese variasies word hierdie voorwerp ook soms **xikhurumunju** genoem. Die tegniek word in afdeling 5.2.3.19 beskryf.

5.3.3.4 *Rintoto*

Die enkelvormige kralestring word om die pols gedraai en die twee punte dan aan mekaar vasgemaak. Babatjies dra ook een enkele wit kralestring om die pols vir beskerming.

Die kragdokter, **n'anga**, of persone wat deur geeste beset is, of persone wat medies behandel word/is, sal 'n enkele kralestring 'n hele paar keer om die pols draai. Dit word gewoonlik van wit en/of rooi krale gemaak.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

### 5.3.4 Beenringe (foto 5.41b)

#### Xifejani en xikhurumudzu

Soos om die arms, word daar ook aan die bene kralebande saam met metaalringe gedra. Deesdae kom dit ook voor dat rooi, blou, groen of geel plastiek arm- of beenringe gedra word (vgl. foto 5.44). Hierdie ringe word op dieselfde wyse as die armringe, **xifejani** en **xikhurumunju**, in kombinasie met 'n aantal metaalringe gedra (foto 5.68).

Die arm- en beenring word dikwels volgens die weeftegniek gemaak. Dan word die krale om 'n kern van bobbejaanstert, gebondelde gras of gerolde lap gewerk. Krale word bygevoeg en weggelaat sodat dit stewig om die kern pas. Verskillende motiewe word met kleurkrale verkry en die voorwerp word weer eens soms genoem volgens die motief wat daarin voorkom. Op foto 5.41a word die **xikhurumudzu** ook **xindhandhani** genoem, wat dan op die motief dui.

### 5.3.5 Lyfbande/Heupversierings

#### 5.3.5.1 *Xifunga (Foto's 5.45-46) - Heupgordel*

Tradisioneel is daar moeite gedoen om hierdie kralegordel te vervaardig. Daar kon tydens die navorsing niemand gekry word wat uit ervaring 'n **xifunga** kon vervaardig nie. Sodoende kon die tegniek ook nie nagegaan word nie (vgl. foto 5.1 uit Duggan-Croninversameling). Dit lyk volgens die foto asof kralestringe om 'n kern gedraai is en 'n paar van hierdie bande dan aan mekaar vasgewerk is. Deesdae word plastiekkrale, **tikhwini**, wat ingeryg word, as plaasvervangers gebruik. 'n Hele aantal gerygte groot, plastiekkralestringe van 'n verskeidenheid kleure word om die heupe gedra, sodat dit die dansrok afrond (foto 5.10, 5.44, 5.53c) en in 'n mate die effek gee wat die **xifunga** verskaf het. Vergelyk ook in hierdie verband die pop, foto 5.56, wat plastiekkrale as heupversiering dra.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

5.3.5.2 *Xiqovochela (foto's 5.26-27)*

Die geweefde kralewerktegniek (5.2.3.20) word gebruik om die groot verskeidenheid kralelappe te vervaardig. Geen voorskrifte ten opsigte van grootte, breedte en lengte word vereis nie.

Hierdie heupsieraad is reeds gedeeltelik bespreek onder die bespreking van die verskillende motiewe (5.2.4) en ook as halssieraad. Die voorwerp word altyd met haakspelde aan die dansrok, **ndhindana**, vasgesteek, daarvandaan ook die ander benaming **xipereta**. Die bokant van die voorwerp waardeur die haakspelde steek, is onafgewerk en die lae garing wat die beginpunt van die kralewerk is, is sigbaar. Hierdeur word die haakspelde gesteek. Die ander punt is afgewerk met kort tossels of net 'n netjiese omsoming van krale. 'n Verskeidenheid motiewe kom voor en die **xiqovochela** word genoem volgens die motief waaruit hy bestaan (vgl. afdeling 5.2.4). Kleurgebruik word aan persoonlike smaak oorgelaat.

Die **xiqovochela** is een van die belangrikste kenmerke van Tsonga-kralewerk en kom reeds 'n eeu lank voor. Vergelyk foto's 5.1, 5.2, 5.45-46, asook die Duggan-Croninversameling om te sien dat hierdie sieraad min verander het van die begin van die eeu af tot nou.

Die kleredrag van sommige tradisionele praktisyns, wat bestaan uit 'n baie kort rompie, **xigejo**, (foto's 5.24-25, en 5.47) word ook bedek met **xiqovochela**. Hierdie rompie bestaan net uit een laag materiaal, waar die dansrok, **ndhindana** uit twee lae bestaan, waarvan die boonste laag, waarop die **xiqovochela** aangebring word, **xitlhekutana** genoem word. Die woord **xibelani** word ook gebruik as naam vir die dansrok, maar dit is 'n moderne benaming.

Die dansromp word spesifiek vir dansgeleenthede gemaak, waartydens die romp vertoon kan word, want normaalweg word die romp bedek met twee doeke, **minceka**, wat oor die skouers oorkruis geknoop word (foto 5.14, 5.53-5.55, 5.65, 5.67). Vir die dansery word die doeke afgehaal of op elegante manier om die middel gedrapeer. Baie moeite word aan die vervaardiging van die **ndhindana** spandeer. Tussen 30 to 50 meter blou

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

salempore-materiaal word, na gelang van die welstand van die man, gekoop. Hoe ryker die man, hoe meer materiaal kan hy bekostig en hoe dikker lyk sy vrou se heupe d.m.v. die romp. 'n Stukkie rooi salempore word agter in die middel aangebring (foto 5.17).

Nie alle salempore-materiaal lyk presies dieselfde nie. Sommige vertikale strepe is verskillend in kleur. Vroue wat tot 'n besondere sibbe behoort, is in die verlede met 'n spesifieke patroon en kleurkombinasie verbind. Vandag word hierdie gebruik nie meer algemeen nagekom nie. Die krale wat gebruik word, stem in basiese kleur ooreen met die kleure op die salempore.

Vir die vervaardiging van die **ndhindana** word 'n kwart van die breedte van die materiaal omgevou, om die boonste laag, **xitlhekutana**, waarop die **xiqovochela** aangesteek word, te vorm. Die romp word aan die heupgedeelte styf ingeryg.

Die **xitlhekutana** word met een of twee rye groterige wit krale (no. 6 of 7) omgesoom. Die gewig van die krale laat die romp hoog opwip tydens danspassies — 'n effek wat deur toeskouers luid apploudeer word (foto 5.7). Eenvoudige geometriese motiewe, soos sirkels, word soms op die onderste laag aangebring (foto 5.45).

Die kleurvolle uitrusting, bestaande uit die digte gerygte dansromp met helderkleurige doeke daaroor gedrapeer, het 'n kenmerkende voorkoms van die Transvaalse Tsongavrouens geword. Dit bestaan reeds vanaf die vroeë jare 1900 en word steeds meer vervolmaak deur al die kleurvolle bykomstighede.

Alledaagse kleredrag is 'n baie vereenvoudigde weergawe van die bogenoemde. 'n Romp soortgelyk aan die **ndhindana** word onder twee oormekaar-gekruiste doeke gedra. Hierdie romp, **dovani**, is baie korter, minder materiaal word gebruik en geen krale word daarop aangebring nie. Dit is slegs veronderstel om die opgepofde voorkoms of dik heupe onder die doeke teweeg te bring. Niemand, en veral nie mans nie, mag hierdie romp, wat baie kort is en baie been wys, sien nie. Dit is in teenstelling tot

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die dansromp wat vir vertoon gemaak is. Alledaagse kleredrag sal onder afdeling 5.5 verder kortliks beskryf word.

Soms word die term **khancu** ook gebruik vir die kort romp, wat geen man ooit mag sien nie — self as dit gewas word, moet dit in grootste geheimhouding gedoen word. Dit word tydens danse by die inisiasieskool gedra. Die term **nguvu** wat ook soms gebruik word, is verwarrend, want dit dui eintlik op 'n versamelnaam vir alle soorte kleredrag.

5.3.5.3 *Xanga (foto's 5.48-51)*

Hierdie heupsieraad wat nie as versiering tydens feestelikhede gebruik word nie en eerder 'n rituele funksie het, word geassosieer met die vroulike puberteitstadium. Dit is 'n ingewikkelde voorwerp om te vervaardig en kom ooreen met die dansromp, **ndhindana**, bestaande uit twee lae materiaal, met die boonste een baie korter — net soos die rompe. Die tegniek wat gebruik word, is dié van die **xiqovochela**, maar bestaan uit meer as net 'n kralelap. Dit word saamgestel uit verskillende dele wat volgens 'n paar tegnieke vervaardig word.

Die ooreenkoms met die dansromp simboliseer vroulikheid wat bedek word en word geassosieer met die vrugbaarheidskultus (foto 5.51). Die ooreenkoms is ooglopend alhoewel geen informant daarop gedui het nie. Die **xanga** word tydens die puberteitsrites gedra, en is van kontinuïteitswaarde, want dit bly in die meisie se besit, totdat haar eerste babadogter gebore is. Dit is 'n voorwerp wat nie openlik gedra word nie en is met veel geheimsinnigheid omhul. Die vervaardigingswyse geskied volgens die weeftegniek (fig. 5.20) en die kleure wat veral gebruik word, is wit as basis met blou, groen, rooi en soms oranje krale. Die meeste van die motiewe soos in fig. 5.2.4.1-11 beskryf is, kan gebruik word. Meestal word 'n kombinasie van twee motiewe gebruik, waarvan die een motief op die hoofdeel voorkom en 'n ander op die omslag of boonste laag.

Gewoonlik word hierdie sieraad in een stuk van ongeveer 10 to 12 cm breed gemaak. Die boonste kwart word omgevou (soos die **ndhindana**) en 'n **xizambana** of **xisontana** word gebruik om die voorwerp aan die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

bokant af te rond. Hierdie laasgenoemde gedeelte se verlenging dien ook as die band waarmee die **xanga** om die lyf vasgebind word.

Tossels, **makhaxa,** of 'n meer soliede randafwerking omsoom die twee lae se onderpunte. Klokkies of, **xingelengele,** metaalplaatjies, **ximphambati**, word direk op die **xanga** vasgewerk. Knope kom ook op sommige stukke voor. Gordynringe aan 'n tou of aan 'n string van metaalkrale, dien as knope om die **xanga** om die lyf vas te knoop. Soms word 'n gordynring aan die een punt en 'n klokkie aan die ander punt gewerk, sodat die twee punte deur mekaar gehaak kan word.

Foto 5.51 toon baie duidelik die ooreenkoms met die dansrok, want 'n miniatuur **xiqovochela** met verskillende motiewe is aan die boonste kort laag vasgewerk.

Die **xanga** word onder die gewone romp gedra, want dit mag nie deur mans gesien word nie. Die klokkies se geluid verraai egter dat die meisies so pas die inisiasieproses deurloop het m.a.w. hubaar is. Die geluid wat die klokkies maak, word beskryf as **xingele-ngele-ngele**.

Die voorwerp waarvan die sieraad sy naam kry, nl. **xanga**, is 'n vier cm lange koperstafie, genoem **xanga**, die eintlike rituele voorwerp, wat aan die bopunt in die middel in die **xanga** versteek en ingewerk word. Op foto's 5.48-5.50 en 5.52 kan die verdikking in die middel van die kralebuis waargeneem word. By baie **xanga** is die koperstafie verwyder, wat dui op die feit dat hierdie **xanga** vir sy regmatige doel aangewend is.

Wanneer die meisie vir die eerste keer menstrueer—die begin van vrouwees—word 'n koperstafie in hierdie eerste bloed gedoop. Die vader se suster of meisie se moeder, bedek die koperstafie met krale wat verwerk word in 'n kralestringbuis, **xizambana**. Die **xizambana** word dan aan die heupsieraad, **xanga**, vasgewerk. Hierdie voorwerp word gebêre, totdat die meisie uit die inisiasieskool kom. Sy dra dit, onder al haar nuwe klere, vir die verwelkomingsfees. Hierna word die **xanga** sowel as 'n bloedrooi doek wat om die kop gebind word, vir 'n tydperk van ongeveer drie maande

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gedra. Een segspersoon sê dat dit vanaf Julie/Augustus — die tyd wanneer inisiasieskole plaasvind — tot ongeveer Desember gedra word.

Wanneer die draperiode van die **xanga** oor is, word dit deur die ma of tante behandel, in 'n blikkie gesit en in die hut goed weggesteek tot die dag wanneer die meisie trou. Sommige informante beweer, dat die tante (vadersuster) nou die **xanga** na die bruidegom se ouers neem as bewys dat hulle 'n goeie dogter vir hul seun kry — as teken van haar reinheid. Ander informante sê dat die meisie, wanneer die jong paar alleen is, die **xanga** uit sy bêreplek haal en dit aan die bruidegom toon as teken van haar reinheid. Die bruidegom moet haar betaal — sommige beweer R10 — om die **xanga** te mag sien.

By geboorte van die jong vrou se eerste babadogter, word 'n koperring in die moeder se hare geknoop en word die koperstafie, die eintlike **xanga**, uit die heupversiering gehaal en in water gekook. Die baba moet hierdie mengsel drink om sodoende van sy ma se krag te ontvang. Die band is nou gesmee en die proses is voltooi, wanneer die babatjie die "medisyne" gedrink het en die koperstafie om haar heup gebind word vir die **xirhengele**-seremonie. Dit is die seremonie wat plaasvind wanneer die baba na 'n week in die hut vir die eerste keer na buite mag kom. Die **xanga**-kralesieraad word losgetrek en van die krale word gebruik om vir die baba sierade te maak. Dit is egter taboe om die kralesieraad en die koperstafie gelyktydig aan die baba te sit.

Die simboliek lê daarin, dat die meisie se vrouweesstadium, wat met die eerste maandsonde begin het, vervolmaak is met die geboorte van haar eerste kind.

Die dag wanneer die baba sy/haar nuwe lewe betree, gaan soos reeds genoem is, gepaard met 'n seremonie, **xirhengele**, of die "rite van die gebreekte pot of potskerf". Na die geboorte bly die baba vir ongeveer een week in afsondering binne in die ma se hut. Op die dag wanneer hy/sy mag uitkom, word in 'n potskerf, verskeie stukkies plantemateriaal asook stukkies vel van gevaarlike en sterk of dapper diere gesmeul. Die baba word nakend deur die moeder uit die hut aan die **n'anga** gegee wat die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

baba by die hutingang van alle kante berook. Simbolies word die baba teen die gevare van die wêreld, soos wilde of gevaarlike diere, en giftige plante beskerm. Hy/sy moet ook sterk soos 'n leeu, vinnig soos 'n haas, ens. wees en 'n kennis hê van die plantewêreld. Hierdie is 'n magies-religieuse oorgangsrite en kom nog algemeen in die landelike gebiede in Gazankulu voor (vgl. ook Junod I, 1927:42-46). Die seremonie word deegliker in afdeling 3.7.2 beskryf.

Die wit krale wat die baba om die nek, arms en enkels dra, word verkry uit die **xanga** wat sy funksie nou verrig het. Die moeder of ouma maak soms 'n nuwe klein **xanga** vir die babatjie of die krale word vir ander sierade aangewend.

Een segspersoon beweer dat as iemand anders as die moeder of tante, die **xanga** — bedoelende die koperstafie — steel en dit kook, sal die krag daaruit verwyder wees. As dit hierna om die babatjie gesit word, dan sal die baba sterf.

Die voorkoms, en vervaardigingstegniek van die **xanga** kom ooreen met die ander Tsongasierade, wat slegs 'n dekoratiewe funksie het. Hiernaas is die funksie van die **xanga** magies-ritueel. Die koperstafie is tydens die hele proses van funksionering aanwesig, maar onsigbaar, omdat dit met krale bedek is.

'n Variasie van 'n **xanga** wat in die navorsingsgebied aangetref is, kan op foto 5.50a-b gesien word. Die versteekte, met krale bedekte koperstafie kan duidelik op foto b gesien word. Op foto a word die **xanga** om die pop, **madliridliri**, se heup geplaas. Op hierdie wyse word hierdie twee voorwerpe gebêre.

Slegs in die Ritavigebied het segspersone hierdie sieraad nie **xanga** nie maar wel **ndlhama** genoem, en dit vergelyk met die **xigejo** of die kort rompie wat die kragdokter dra. Dit wil voorkom asof ons hier, soos ook ten opsigte van ander magies-religieuse praktyke, te doen het met kultuur-oorname van die Venda. Hoe verder ons weg is van die Venda-beïnvloedingsgebied, hoe minder bekend is hierdie voorwerp.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

'n Ander medies-religieuse voorwerp wat vir die baba vervaardig word, is die **xidlalatane** (foto 5.36). Dit is 'n halssieraad wat stewig om die nekkie pas en deur die kragdokter, **n'anga**, behandel word, voordat dit aangetrek word. Die funksie van hierdie nekband is om die baba se nekkie reguit en stewig te laat groei. Hierdie sieraad is nie in gebruik gesien nie, alhoewel ouer vrouens dit nog ken. Die wit kralestring om die nekkie en polse — wit krale word met die voorvadergeeste verbind — word deur alle babatjies vir beskerming en versterking gedra en vervang deesdae die **xidlalatane**.

#### 5.3.5.4 *Tikhwini (foto 5.53 en 5.44)*

Groot plastiekkrale wat in stringe geryg word en wat uit verskillende kleure saamgestel word, word deesdae om die middel gedra as plaasvervanger vir die lyfband, **xifunga**. Dit rond die dansuitrusting af. Kleurvolle doeke word ook vir hierdie doel gebruik.

#### 5.3.5.5 *Ndlhama (foto 5.24, 25)*

Hierdie is 'n lang strook kralesieraad wat om die draer se middel pas en op die kort rompie, **xigejo**, wat die **n'anga** dra, vasgesteek word. Die tegniek van vervaardiging is in die meeste gevalle die maas- of ruittegniek. Foto 5.47 toon hoe die **ndlhama** gedra word.

## 5.4 ANDER KRALEWERKVERSIERING

Versierings waarvoor ook krale gebruik word, en waarvan sommige 'n magies-religieuse funksie het, word hierna kortliks behandel.

### 5.4.1 Nceka (foto's 5.53-55, 5.65-67) - Doek

Baie kleurvolle doeke is deel van die kenmerkende Tsongakleredrag. Twee doeke word gewoonlik bo-oor die **ndhindana** of **dovani**, en oor die skouers geknoop, gedra.

Instede van die gekoopte, helderkleuringe doek, word dikwels swart doek meestal van katoen, gekoop en met helderkleurige krale bestik. 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Verskeidenheid geometriese of abstrakte patrone sowel as motiewe uit die alledaagse lewe soos diere, plante, huise, mense, die son, sterre en die maker se naam en jaargetal van vervaardiging word op hierdie doeke aangetref (foto's 5.14, 5.15, 5.56 en 5.65).

Dieselfde effek word verkry deur die gebruikmaking van kleurgaring om die **nceka** te versier. (vgl. foto 5.69). Hierdie versiering met krale en kleurgaring het in die vyftigerjare begin en die gebruikmaking van krale sou vandag nog gewild gewees het as krale nie so duur of onbekombaar geword het nie. 'n Akkulturatiewe verskynsel is die gebruik van verkroomde of koper-haakspelde, wat op die **nceka** vasgesteek word om 'n bepaalde effek te verkry (foto 5.53a-c, 5.66-68). Op hierdie foto's kan gesien word hoe haakspelde en krale dikwels in kombinasie aangewend word. 'n Verskeidenheid spesiale effekte soos kringe, kruise en lyne word met die koperhaakspelde bewerkstellig en gee 'n eiesoortige karakter. 'n Miniatuur doek word ook met krale versier (foto's 5.56 en 5.57a) en as **nceka** vir die Tsongapoppie gebruik. Een voorbeeld is gesien waar 'n hele doek met krale bedek is. Dit is iets wat baie by die Ndebele voorkom, maar nie algemeen by die Tsonga nie. Die vrou wat hierdie stuk gedra het, het Tsongakleure en -motiewe gebruik. Die **minceka** word onder afdeling 5.5 in groter besonderhede behandel.

### 5.4.2 Madliridliri (foto's 5.50a, 5.56 - 5.57 a&b) - Pop

Die Tsongapop, **madliridliri,** het geen gebruik- of vertoonfunksie nie, maar is van simboliese waarde. Was dit nie vir 'n paar kenmerkende eienskappe eie aan Tsongavrouens soos die oorbelle, **vuhlalo bya tindleve**, en die dansromp, **ndhindana**, wat vir die pop aangetrek word nie, sou dit nie maklik as 'n Tsongapop herken kon word nie. Sekere voorbeelde wat in die veld gesien is, was nog meer kenmerkend, omdat **xiqovochela** stukke op die dansrok vasgesteek was (foto 5.57b).

Die **madliridliri** word ook soms **ximpombondwana**, **xintsandzani** of **xintsantekani** genoem. Hierdie drie benaminge dui egter meer op die silindriese houtbasis waaruit die **madliridliri** hoofsaaklik bestaan.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Beskrywings: Soos reeds genoem is, bestaan die **madliridliri** uit 'n silindervormige stukkie hout wat die basis vorm. 'n Blikkie word ook deesdae dikwels hiervoor gebruik, omdat die makliker bekombaar is. Vroeër het die mans die houtsilinder voorsien. Die basis word dan totaal met krale bedek. Kralestringe, **rintoto**, word spiraalvormig om die houtbasis gedraai, sodat dit nie meer sigbaar is nie (foto 5.57). Vanweë die periodieke onbekombaarheid van krale word soms kleurvolle stringe wol gebruik (foto 5.56) om dieselfde effek te verkry. 'n Miniatuurrompie of **ndhindana** word gemaak en word ook met wit krale omsoom. Miniatuur kralelappies, **xiqovochelo lexi ntsongo**, word op die romp met spelde vasgesteek. Metaalplaatjies, **ximphambati**, en klokkies **xingelengele**, word ook soms aangetref, waar dit op die romp en as oorbelle aangebring word.

Die oorbelle wat uit 'n kralestring wat opgerol is, bestaan, en die oë en neus waarvoor knope gebruik word, verleen aan die voorwerp die voorkoms van 'n vrou. Om die heupgedeelte, bokant die dansromp is gewoonlik 'n paar groot plastiekkralestringe, **tikhwini**, as heupsierraad — net soos die vrouens dit ook tydens danse dra. Moderne poppe wat meestal geen funksionele rol meer vervul nie en bloot as vertoonstukke gebruik word, is baie korter in voorkoms, omdat 'n blik as basis gebruik word. Vroeër was die houtsilinder, wat die mans spesiaal vervaardig het, heelwat langer en ook dunner, sodat die vrugbaarheidspop (vlg. onder) se simboliese voorkoms meer ooglopend was. Die basiese gedeeltes van die **madliridliri** is die silinder wat manlikheid simboliseer. Die dansrok dui op vroulikheid. Verder is die voorkoms van hierdie pop baie abstrak.

**Funksie:**

Die **madliridliri** vervul sy funksie tydens die inisiasietydperk, **khomba**, van die meisies. Informante verduidelik dat die poppe gebruik word, om mee te speel. Tydens hulle danse hou hulle die pop op hul hand en dans daarmee rond. Nie veel melding word deur segsvrouens gemaak van enige magies-rituele funksies nie, en baie is vaag oor enige betekenis, behalwe dat die pop 'n baba voorstel. Tog kan hierdie voorwerp vergelyk word met gevalle waar 'n definitiewe vrugbaarheidspopkultus voorkom. Daar kon nie met sekerheid vasgestel word hoe ver die gebruik van poppe tydens die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

inisiasie in die verlede teruggaan nie. Daar word aangeneem dat ons hier te doen het met kultuuroorname van die Venda, omdat segspersone wat meer kontak met die Venda het meer inligting kon verskaf het as die wat verder suid in Gazankulu bly en wat geen kontak met Venda gehad het nie. Informante by Ritavi ken glad nie hierdie voorwerp nie. Die verskeidenheid name vir die voorwerp dui ook op die onsekerheid en onkunde wat met hierdie pop verband hou. Sommige informante, veral jong vrouens, sien dit bloot as 'n speelding, ander sê dat daar tydens die inisiasieskool gemaak word, asof dit 'n baba is en dit gebruik word vir hul opleiding.

Becker and Nettleton haal in hierdie verband Roumeguere-Eberhardt in hul werk "Human Clay Figurines and Fertility dolls: Their initiate laws", aan waar hulle oor poppe by die Venda skryf dat poppe

> *"... in no way resembles a baby or a child, but that in fact it very explicitly represents both masculine and feminine sexual organs, either realistically or figuratively suggested. In that, it is literally a pre-figuration of the child to come, fruit of the union of these two elements: whose bones are given to the father, whose flesh comes from the mother and whose birth will consolidate the marriage and bind it"* [1989:10-11]

Becker and Nettleton [1989:11] beskryf ook dat dieselfde met die **madliridliri** na inisiasie gebeur, as met die **xanga** (vgl. 5.3.5.3) naamlik, dat die voorwerp, nadat dit sy funksie verrig het ontrafel word en die kraletjies gebruik word om vir die eerste babatjie kralesierade te vervaardig. Tot tyd en wyl die kind gebore is, word die **madliridliri** in die hut weggesteek.

Daar is in die veld heelwat **madliridliri** gekry wat onvolledig was en die verduideliking was, dat die krale vir die kinders gebruik is.

### 5.4.3 Xifhune (foto's 5.20, 5.55 a&b) - Kralestring (vgl. 5.3.1.6)

'n Verdere kralesieraad wat met die **khomba**, inisiasieskool, te doen het, is die **xifhune**, halssieraad. Dit is 'n gewone **xizambana**, maar omdat sy funksie verskil, het hy 'n ander naam, **xifhune**. Die meisie dra 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kralestring van rooi, blou en wit krale tydens die inisiasietydperk (foto 5.55a). As sy uit die inisiasieskool kom, dra sy net die wit kralestring om haar nek as 'n teken van reinheid, nadat sy die reinigingseremonies tydens hierdie oorgangsrite deurloop het (foto 5.55b).

Weer eens het ons hier met wit krale te doen, soos na die geboorte van die baba, wanneer die baba ook aan die voorvadergeeste opgedra word, nadat dit 'n reinigingsrite deurloop het.

### 5.4.4 Xithabana en xintewana (foto's 22, 23 a&b) - Mandjie en deksel

Hierdie koniese mandjie is a kleiner eksemplaar van die **xirundzu** (vgl. foto 2.3) en is die enigste mandjie wat deur vrouens vervaardig word. Dit word reeds deur Junod [II, 1927:122-1239] vroeg in 1900 beskryf.

Waar die groot mandjie gebruik word om groente, klei, sand en beesmis in te dra, dien die **xithabana** en sy deksel **xintewana** 'n heel ander doel. Nie almal is met krale versier nie, en soos op die foto's gesien kan word, word mooi patrone in die mandjie gevleg. Alle motiewe wat by die kralewerk voorkom, tref ons ook by die vlegwerk van die **xithabana** aan. Verskeie kralewerktegnieke soos oppervlaktebedekking en maas- of ruittegniek word gebruik om die mandjie met die krale te versier (vgl. 5.2.3.21 en 5.2.3.22). Vrye keuse word aan kleure, motiewe en tegnieke toegelaat.

'n Element wat ons al by die **maranga**, halssieraad, aangetref het, (5.3.1.9) kom ook hier voor, nl. asimmetriese aanwending van die motiewe. Die deksel en die mandjie se versiering lyk nie dieselfde nie en dit lyk nie na 'n paar nie. Vroeër het die jong getroude vrou die kralewerk aan die mandjie aangebring, maar daar is nie werklik voorskrifte, wie hierdie werk moet doen nie. Dit kan deur die moeder, die tante of die jong voornemende bruid gedoen word.

Die funksie van hierdie mandjiestel is, dat die jong getroude vrou haar man se kos daarin bedien. Net na hul troue bring die jong vrou die eerste maaltye vir haar man in hierdie **xithabana** waarin 'n eetbak met die kos

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geplaas word. Die **xintewana**, as deksel, bedek die kosbak. Nadat sy haar man se kos klaar voorberei het, bring sy dit vir hom. Daar waar hy sit, kniel sy dan voor hom neer en gee die kos aan. Vir ongeveer een jaar bring sy die kos vir haar man in hierdie mandjie. Die mandjiestel word later gebêre of in die hut opgehang. As dit egter verweer het, word die krale losgerafel en ander kralewerk daarvan gemaak.

Soos in die geval van versierde bierpotte waarin die man se bier bedien word, of die versierings op hutte, of die vrouens wat hulle vir die mans mooimaak en versier, of versierde huishoudelike voorwerpe wat die man gebruik, so word ook hierdie mandjiestel spesiaal deur die bruid vir haar man vervaardig. Dit maak deel uit van die bruidstoerusting. Die versierings word aangebring om die man te eer en te beïndruk.

### 5.4.5 Xipachi (foto 5.58 a&b) - Beursie

Die **xipachi**, 'n sakkie wat soos 'n beursie gebruik word en om die nek as halsversiering gedra word, is 'n akkulturatiewe voorwerp, alhoewel Junod [1927 II:101, afbeelding 4] al daarna verwys. Verskillende kleure en motiewe word gebruik, en daar is geen voorskrifte wat vorm en funksie betref nie. Die weeftegniek word gebruik. Enigiemand mag hierdie voorwerp en ter eniger tyd dra. Mans word dikwels met hierdie praktiese halssieraad gesien.

### 5.4.6 Mfuku (foto 5.59) - Snuifhouer

Ook snuifhouers, **mfuku,** wat praktiese gebruikwaarde het, word dikwels met krale oortrek met die weeftegniek of die maas- of ruittegniek en kry sodoende 'n sieraadkarakter. Snuifhouers word van horing, metaal, saaddoppe, hout, ens., vervaardig en om die nek gedra. Medisynehouers (foto 2.8) van vele soorte materiaal soos kalbas, horing saaddoppe word ook met krale versier. Baie voorbeelde is in die veld aangetref en behoort in die museum as aanduiding van die huidige mode bewaar te word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

### 5.4.7 Xipfukwani (foto 5.60) - Snuifdooshouer

Die naam, **xipfukwani**, is deur die eienares van hierdie kralesieraad gegee en hou ooglopend verband met die snuifdoos wat aan hierdie kralesieraad hang. 'n Snuifhouer is **mfuku**.

Dit was 'n enkele voorbeeld wat nêrens anders gesien is nie. Niemand het ook geweet wat dit is nie. Vgl. foto 5.3 om te sien hoe hierdie sieraad deur die eienares gedra word. Die tegniek herinner aan die **thumbu**, 'n halssieraad wat buisvormig vervaardig word (vgl. afdeling 5.2.3.3.)

Snuifdosies is in baie gevalle deel van ouer persone se bykomstighede wat gedra word en word dikwels aan 'n kralesieraad vasgemaak. Die **xiqovochela** op foto 5.26a vertoon 'n snuifdosie wat aan 'n **xizambana** hang. Die vrou op foto 5.12 dra 'n snuifdosie wat aan 'n **xizambana** hang om haar nek.

### 5.4.8 Kalbashouers, seremoniële danskieries en glasbottels (foto's 5.61 - 5.63)

Die kralewerk op hierdie voorwerpe word volgens die geweefde kralewerktegniek in kombinasie met ander tegnieke aangebring. Kleur- en motiefgebruik hang af van persoonlike smaak.

Kalbasse, bottels, en kieries is voorwerpe wat graag deur die Tsongavrouens met kralewerk versier word. Dit is 'n gebruik wat by baie stamme in Suid-Afrika voorkom en kan nie tradisioneel as Tsonga beskryf word nie. Kalbasse is altyd deur die Tsonga gebruik en vroeër het die Tsonga die mooiste versierings deur insnyding en inbranding daarop aan gebring. Hierdie kuns het byna heeltemal in onbruik geraak. Krale is deesdae 'n gewilde, versieringselement en word onderskei van ander stamme deurdat die Tsonga se eie kleure en motiewe aangewend word. Seremoniële stokke was vroeër met draadwerk versier maar word ook deesdae met krale bedek. Versierde bottels is 'n moderne voorwerp. Dit kom egter reeds die afgelope 100 jaar onder die Tsonga voor en sou daarom ook in 'n museum opgeneem kan word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hierdie versierde voorwerpe word meestal as sieraad in die huis geplaas of teen 'n muur opgehang. Die stok word deur mans of vrouens tydens feestelikhede in die hand gedra en dien as seremoniële dansstok.

### 5.4.9 Sambreel en bloes van kralewerk (foto's 5.63 - 5.64)

'n Paar moderne voorwerpe waar die tegniek van oppervlaktebedekking, geweefde kralewerk en maas- of ruittegniek aangewend word, is in die veld aangetref is. 'n Sambreel is met tradisionele en nuwe motiewe (foto 5.64) versier en is hier deel van die vrou se vertoonuitrusting tydens dansvertonings. Die kledingstuk (foto 5.63), 'n bloes bestaan uit kralewerk wat met die oppervlaktebedekkingstegniek op materiaal vasgewerk is. Tradisionele kleure en motiewe dui op die egte Tsongakarakter. Hierdie voorwerpe word veral tydens feestelikhede gedra. Daar is altesame drie kralebloese is in die veld aangetref. Die vrou op foto 5.64 het ook 'n doek om haar liggaam gedrapeer wat geheel met krale bedek is.

### 5.4.10 Tsonga- en Sothokralesierade - wedersydse beïnvloeding (foto 5.73-76)

Om 'n beter geheelbeeld te verkry van die aard en karakter van Tsongakralewerk is 'n beperkte vergelyking tussen verwante en aangrensende stamme se kralewerk onderneem. Soms kom dit voor dat die omliggende Sothostamme van die Tsonga se kralewerk oorneem en *vice versa*, en dit tydens hulle danse gebruik. Wat egter meer opvallend is, is dat die Tsonga en Sotho baie sterk neiging toon om aan hulle eiesoortige kleredrag versierings en bykomstigheid vas te klou en dit verder eiesoortig ontwikkel.

Die voorkoms van Sothokralesierade verskil heeltemal ten opsigte van kleure, motiewe en gebruike. Die kleure is pastelkleurig en baie meer kleurskakerings as by die Tsonga kom voor. Verskillende motiewe is ook nie volop soos by die Tsonga nie en effekte word meestal deur lyn- en kleurkombinasies gekry. Spieëls, wol, blikdeksels is gewilde bykomstighede op kralevoorwerpe. En die tegnieke wat gebruik word, is weefwerk, gekombineer met kanthegting en middelhegting. Dit is duidelik dat die kralewerk van die Sotho op opvallende wyse van die van die Tsonga verskil.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Daar is 'n paar voorbeelde in die veld aangetref waar Tsongavrouens, veral die kragdokters, **tin'anga**, kralesierade van die Sotho oorgeneem het en omgekeerd. Dit gebeur egter selde. Die Tsonga het 'n baie ryker kralewerktradisie as die omliggende Pedi en Lobedu. Sodoende is daar baie meer invloede wat van die Tsonga na die Sotho oorgedra word as andersom.

'n Paar foto's wat Sothokleredrag en -kralewerk en bykomstighede uitbeeld, word ingesluit om die andersheid van kralesierade te illustreer (foto's 5.73 - 5.78). Die andersoortige dansstyle kan ook duidelik waargeneem word.

In enige etnologiese museum word dit nogal aanbeveel om naburige stamme se kulture en kultuuraspekte langs die eiesoortig kultuur uit te stal, sodat vergelykings deur die besoekers gedoen kan word. Kenmerke wat beklemtoon wil word, kan op grond van vergelyking en verskil baie duideliker aan die besoeker oorgedra word. Die bogenoemde foto's van Sothokraleversiering dien ook hierdie doel.

Dit is interessant om daarop te let dat sowel die Tsonga as die Sotho klem lê op versierings op die boude van dansers. Danse word dan ook op so 'n wyse uitgevoer dat die danser meestal haar rugkant na die toeskouers draai.

Foto's 5.79a-b en 5.80a-b toon die dansdrag van die Tsonga-Shangana stamme by Mhala. Hierdie vrouens se kleredrag en versierings verskil ook totaal van dié van die Tsongavrouens in Noordsentraal-Gazankulu. Daar is hoegenaamd geen ooreenkoms ten opsigte van kleure, motiewe en gebruike van kralesierade nie. Die kleredrag is somber en eentonig, die hooftooisels toon Swazi-ooreenkomste en ander bykomstighede is ook eiesoortig. Die enigste ooreenkoms wat wel voorkom, is die Tsonga se voorliefde vir en gebruik van 'n verskeidenheid kleurvolle doeke. Beide groepe hou ook van 'n bostuk, 'n bloes of 'n T-hemp. Doeke word egter in die suide op 'n totaal ander manier gedra as by die noordelike Tsonga waar dit deel uitmaak van hulle feestelike en alledaagse kleredrag. Dit is egter interessant om daarop te let, hoe veelsydig Tsongavrouens in die huidige

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

tyd omgaan met alle soorte, kleure en kleurryke doeke. Hierdie aspek bied ook 'n interessante moderne vertoonmoontlikheid in enige museum.

## 5.5 ALLEDAAGSE KLEREDRAG EN KRALESIERADE

Die voorafgaande bespreking dui daarop dat die meeste kralesierade verband hou met feestelikhede en vertoon- en dansgeleenthede. Net 'n paar en baie eenvoudige kralesierade wat van praktiese waarde is soos die kralestring waaraan die snuifhouers hang, die beursie of medies-religieuse armbande, word daagliks gedra. So ook eenvoudige halsstringe. Alle ander bespreekte sierade word gedra tydens danse van verskillende aard, en die seremonies wat verband hou met die inisiasieperiode.

Dit was nie die doel van hierdie studie om op die totale kleredrag in te gaan nie, maar 'n kort opsomming van die alledaagse kleredrag van vrouens en dogters sal 'n meer volledige beeld skets.

Die alledaagse kleredrag en die dansdrag stem basies ooreen en bestaan uit die ietwat langer en dikker dansromp, **ndhindana**, en die korter en minder pofferige gewone romp, **dovani**. In alle gevalle word twee doeke oorkruis en op die skouers geknoop gedra. Die doeke, **minceka**, is 'n belangrike en kenmerkende deel van Tsongakleredrag. 'n Reeks tradisionele doeke word aangetref elk met hulle eie name. Wanneer 'n dogter uit die inisiasieskool kom, maak 'n hele paar doeke deel uit van die geskenke wat sy kry. Die doeke wat die dogter op foto's 5.54a-b dra, is eg tradisioneel en maak deel uit van enige Tsongavrou se klerekas. So ook die doeke op foto's 5.81. Hierdie **minceka** word hoofsaaklik deur ouer vrouens gedra of is dan ook die alledaagse en werksdrag van jonger tradisionele vrouens en dogters. Dikwels word die eenvoudige romp, **dovani** daaronder gedra, maar heel dikwels dra hierdie vrouens geen **dovani** nie. Die name van al die verskillende doeke verskyn onder foto's 5.81a-b.

Die **minceka** wat tydens danse en feeste en vir uitgaangeleenthede, **ku bomba**, gedra word, is baie kleurvolle, helderkleurig en vertonerig. Drie kategorieë kan hier onderskei word, nl. dié met baie helder en skokkende kleure en patrone wat in die winkels verkrygbaar is. Tweedens is daar dié

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

**minceka** van swart doek waarop met kleurvolle krale, garing en haakspelde versieringsmotiewe aangebring word. Derdens kry ons deesdae wit doek, meestal ou meelsakke, waarop daar ook met kleurgaring motiewe geborduur word (foto's 5.14, 5.15, 5.53b, 5.54, 5.63, 5.65, 5.66, 5.67, 5.69, 5.71, 5.73). Op foto 5.69 lees ons die woorde: "**Xi Bombo ra xigaza**" wat min of meer beteken " die uithang (uitrusting) van Gazankulu" d.i. uitgaankleredrag.

Die derde kledingstuk wat 'n vrou se ligaamsbedekking voltooi, is die bostuk wat die bolyf bedek. Vroeër het die vrouens met 'n kaal bolyf geloop en net die twee skouerdoeke het dié liggaamsdeel bedek. Deesdae trek die vrouens T-hemde, **sokisi**, of 'n spesiale bloes, **yele**, aan. Die bloes, in hierdie geval **xikatawa**, kan op foto's 5.66, 5.70, 5.71 gesien word. Die vrouens by Mhala, foto 5.79 en 5.80 dra ook 'n **yele**, maar sonder moue.

Beide benamings, **yele** en **sokisi**, word vir bloese of T-hemde gebruik. Die benaming **xikatawa** word hoofsaaklik vir die bloes van rooi materiaal gebruik en is na bewering van Mosambiekse oorsprong.

Die dogtertjies se kleredrag is dieselfde as die van die groot vrouens, maar net in kleiner weergawe. Tsongavrouens in Gazankulu word nog gereeld met die bogenoemde effens moderne tradisionele kleredrag gesien. Die werkende vrouens het oorgegaan na moderne Westerse kleredrag, maar die landelike vrouens dra nog met trots hulle kenmerkende klere.

Hierdie aspek van kleredrag, veral omdat dit so kleurvol en aanskoulik is, is 'n faset van die resente kultuur van Tsongavrouens wat met sukses in 'n museum uitgebeeld kan word. Die dansromp is besonder mooi, die verskeidenheid doeke van die ou tradisionele voorbeelde tot alle moontlike moderne variasies is 'n moet in enige museumversameling; en die veranderinge in die bostuk is ook kenmerkend van die tyd waarin dit voorkom.

White verwys reeds in sy reisjoernaal wat in 1800 gepubliseer is en oor die ooskus handel, na die voorliefde van die inboorlinge, wat natuurlik Tsonga was, vir materiaal en krale. Op bl. 48 verwys hy na ene Capelleh een van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

die hoofmanne naby Maputo wat alles sou doen in ruil vir blou materiaal. Verder skryf White [1800:48]

> *"The best article to bring to trade with here is coarse blue cloth; ..."*

en verder

> *"We used to purchase a bullock of 400 lb. weight for a piece of coarse blue linen cloth, ten or twelve yards long, which could be bought at the Cape for four or five rix dollars, and a fowl for an iron hoop".*

nog verder

> *"Ships coming here to furnish themselves with a good stock of fresh provisions, should bring coarse blue linen cloth, old clothes, brass rings, pieces of copper, wire, glass beads of different colours ..."*

[1800:49]

Hier volg 'n kort opsomming van die ontwikkeling van die **minceka** vanaf ongeveer 1800, soos saamgestel deur Jameson Maluleke van die dorpie Mphambo (vgl. voetnota no. 5.2).

**1800 - 1900**

**Xidonci** (bloudruk), **bongela** (swart lap wat mans dra) en **tshama-na-sipho** (sit met seep) word algemeen genoem as dié eerste **minceka** wat die Tsonga gedra het. Mans en vrouens het hulle gedra. Mans het gewoonlike hulle lende omgord terwyl vrouens dit oor die skouers drapeer het.

Daar word ook verwys na **minceka** wat aan die voorvadergeeste behoort. Hierdie doek is **mpalu** (vaal blou/wit), **lopa** (swart), **siyandhani** (rooi), **njeti** (wit met rooi patrone) en **rigidawa** (wit katoen). Hierdie vyf lappe word vandag nog in die **n'anga** se mandjie as bykomstighede aangetref (foto 5.82).

**1900 - 1950**

Tydens hierdie periode maak die volgende lappe hul verskyning: **n'wa-majabula**, **xiyadani**, **dekeni** (deken), **saka** (sak, mieliemeelsak). 'n 'n Verdere **nceka** wat vaalblou was en deur die armer mense gedra is, word **mkhunga-mbuti** genoem.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

**1950 - 1970**

Ou vrouens en arm vrouens het bly vasklou aan die ou tradisionele **minceka**, maar jong mense het gegryp na nuwe modes. Lappe uit hierdie tyd is **tshama-n'ta-vuya** (bly sit by die huis), **xinkumani** (tradisioneel swart), **xihatimani** (baie blink nylon materiaal in verskillende kleure: **hatima** = om te blink), **xisambi** (vanaf Zambië), **xitswirirani** (rankblomme: foto 5.81b) en **ndhayimani** (diamant: foto 5.81a).

**Nyiza** was die voorloper van die moderne geblomde **minceka** (die woord is van Zulu oorsprong en beteken "om pad te gee": as jy iemand met hierdie moderne lap ontmoet, moet jy pad gee, want hier kom 'n moderne vrou). **Nyiza** is opgevolg deur **ximatsatsa** en ook **xitariyani**. Die kunstige Tsongavrouens wou graag aan hulle kreatiwiteit uiting gee en het aanvanklik swart lap met krale versier. Kort daarna het die wit meelsakke beskikbaar geraak en die **xinkwamani** het gevolg. Die helderkleurig borduurde mieliemeelsakke is vandag nog hoog in die mode, alhoewel gewone wit katoen ook gebruik word. Die nuutste Java-druk word ook deur Tsongavrouens as **minceka** gebruik.

Die **minceka** versier met kralewerk, haakspelde en geborduur met helder garing is reeds bespreek en dui op die Tsonga se kunssinnigheid en liefde vir helderkleurige bykomstighede. Die liefde en talent van Tsongavrouens vir kralewerk en borduurwerk is 'n aspek wat in die museum gunstig aangewend behoort te word.

## 5.6 SAMEVATTING EN BESPREKING

In die afdeling oor die benutting van erdewerk (Hoofstuk 3.7) kon uitvoerig aangedui word dat potte van verskillende tipe in die ekonomiese, sosiale- en religieuse kultuurfaset 'n besondere rol speel. Ten opsigte van die politieke orde en by die toepassing van regsreëls was dit moeiliker om so 'n rolvervulling aan te dui. In hierdie hoofstuk is op terloopse wyse, waar dit gepas het, aangedui dat kraledrag in hoofsaak 'n sosiale funksie het. Dit dui byvoorbeeld die verskil tussen alledaagse en geleentheidsdrag aan asook die rangposisie van jeugdige, hubare en getroude vroue aan.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Hiernaas kon die verbintenis van sommige krale-items met die magies-religieuse kultuurfaset aangedui word. Funksionele skakeling na ander kultuurfasette kon nie geredelik bepaal word nie. Die afsonderlike behandeling van funksionele verband tussen kralewerk en besondere kultuurfasette is dus met opset nie as afsonderlike afdeling aangebied nie.

Die Transvaalse Tsonga en meer spesifiek die Noord-Tsonga in Gazankulu, met Giyani as sentrum, het 'n eiesoortige reeks kraleversierings. Alhoewel kralesierade in Mosambiek voorkom, soos Earthy [1968: 59-60] dit beskryf, het die Tsongavrouens in die Transvaal 'n eie kleurvolle, kenmerkende verskeidenheid kralewerk ontwikkel. Die kontak vanaf ongeveer 1820, eers in Mosambiek met die Zulu [Earthy 1968:60] en later in die Transvaal met ander omliggende stamme soos die Swazi en Noord-Sotho en veral die Ndebele [Levy 1989:24] het daartoe gelei dat die Tsonga ook kralesierade wat dié invloede toon, vervaardig het. Junod glo, dat die Ndebele 'n groot invloed op Tsongakralewerk gehad het [Duggan-Cronin 1935:13]. Dit kan egter moeilik bewys word dat daar sodanige kontak en beïnvloeding was.

Waarskynlik het ook die Swazi, die Sotho en veral die Venda se kralesierade 'n invloed op Tsongakralewerk gehad. Wedersydse beïnvloeding kan egter ook nie uitgeskakel word nie as in gedagte gehou word, dat die Tsonga die eerste was, wat aan die ooskus kontak gemaak het met krale wat deur die handelskepe saamgebring is. Die Tsonga as handelstussengangers tussen die ooskus en die binneland was die verspreiders van hierdie handelsartikel. Dit is nogal onwaarskynlik dat die Tsonga nie ook krale gebruik het nie, want "... they became enarmoured of beads" [Junod 1927 II:103]. Die moontlikheid dat die Tsonga 'n eie versieringstradisie ontwikkel het en steeds handhaaf, moet ernstig in gedagte gehou word.

Dat die ontwikkeling van 'n Tsonga-kralewerktradisie wel deur die bogenoemde stamme beïnvloed is, soos daar in sommige geskrifte beweer word, bly spekulasie en kon nie ten volle in die veld of uit literatuur bewys word nie. Die kralesierade wat beskryf is, dui op 'n eiesoortige karakter, kleure- en motiefgebruik. Alhoewel daar geen opsetlike of bedoelde sosiale of magiese waarde van kralesierade aangedui kon word nie, stuur elke

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ligaamsversiering of sieraad tog 'n boodskap vanaf die draer na ander persone oor.

Sierade word gewoonlik gebruik om aandag op iets of iemand te vestig. En soos ons gesien het dui sekere kralevoorwerpe by die Tsonga op die jong dame se hubare status, ander smuk hulle op om die aandag van die jong manne te trek — alles met die doel om 'n maat te kry. Ouer vrouens het dit nie meer nodig om baie moeite met hulle voorkoms te doen nie. Hulle sierade is dus baie eenvoudiger en vervul eerder 'n praktiese rol, alhoewel ook hulle tog ook genot daarin vind om die liggaam te versier. 'n Voorbeeld hiervan is die snuifhouers wat met kralewerk versier word of net aan 'n krale-halssieraad vasgemaak word. Die meeste kralesierade word egter deur jonk en oud tydens feestelikhede gedra. In sommige gevalle dra dit by om die persoonlike voorkoms te bevorder, ander stukke verhoog die danseffek en verskaf ook addisionele klankgeluide (bv. die dansromp se krale-omsoomde romppunte). Derdens is die gebruik van kralesierade egter 'n voortsetting van tradisie, en ten slotte kan voorwerpe ook groepsgebondenheid en identiteit aandui.

Daar bestaan dus nie werklik enige sieraad by die Tsonga wat gemaak word om 'n spesifieke betekenis of boodskap uit te stuur nie. Daar kan dus met Schoeman wat oor die Zulu skryf, saamgestem word, as hy sê dat

> *"... traditional beadwork is strongly associated with courtship and marriage in rural society and is produced exclusively by women — hence the popular misconception surrounding the matters of "love letters". In actual fact, practically all traditional Zulu beadwork is concerned in some way with interaction between the sexes and so, ... assists to a large extent in regulating the social life of the Zulu and Swazi"* [Schoeman 1983:147]

Informante benadruk dit telkens dat kralesierade geen versteekte betekenis of boodskap het nie.

Uitsonderings op die bevinding vind 'n mens egter by sekere voorwerpe wat verband hou met die reinigings- en beskermingsrites van die oorgang van die jong meisie na die status van volwasse vrou, (inisiasie), totdat die proses voltooi is wanneer sy geboorte gee aan haar eerste baba. Tydens

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

hierdie aanvang van die vrugbaarheidsperiode speel vrugbaarheidsimbole soos die **xanga** (5.3.5.3), die **madliridliri** (5.4.2) en wit krale 'n besondere rol.

Die feit dat hierdie kultus veral by die Tsonga in die Giyanigebied voorkom en al hoe meer aangetref word hoe nader 'n mens aan die Vendagebied kom, versterk die aanname dat hier kultuurbeïnvloeding en veral oorname van die Venda af gekom het. Hierdie Venda-invloed is ook aangetref ten opsigte van potte en die pottebakkersbedryf by die Tsonga. Dit is feitlik afwesig suid van die Letabagebied. Sommige voorwerpe en gebruike, soos die dra van die **xanga** en die Tsongapop, **madliridliri,** is onbekend by die mense van Ritavi.

Gedurende die aanvang van die tagtigerjare, is daar kennis geneem van die voorkoms van die **xanga** in die navorsingsgebied. Dit was derhalwe verrassend om in 1990 by **Nwamitwa**, wat die suidelike gedeelte van die noord-sentrale Gazankulu is, agter te kom dat die ou vrouens net 'n vae kennis van hierdie voorwerp gehad het en nie die naam daarvan geken het nie. Die kralesieraad wat die **xanga**-koperstafie bedek, is geassossieer met die rompie, **xijego**, wat gedra word deur die persoon wat danse ter ere van die voorvadergeeste, **xikwembu**, uitvoer. Hulle het die voorwerp egter **ndlhama** genoem. Dieselfde is verder suid in Ritavi by Mariveni, by 'n ou segspersoon, behorende tot die Nkuna, teëgekom. Op verdere navraag het sy geen kennis van die bestaan van die pop, **madliridliri**, gehad nie, en gesê dat die wit krale wat babatjies dra geen verband met voorvadergeeste het nie. Dat babatjies en die meisies wat uit die inisiasieproses kom, dit dra, is beaam, maar geen magies-religieuse waarde is daaraan geheg nie. Vir die Noord-Tsonga hou wit krale verband met die voorvadergeeste en word gedra om die inwonende voorvadergeeste bly te maak. Rooi krale daarenteen word as amulet vir beskerming teen geeste gedra. Dit is dus duidelik dat die **xanga** en **madliridliri** nie in die suidelike deel bekend is nie, en segspersone het verduidelik dat dit van die Venda kom.

Wat die kralesierade van die Tsonga oor die algemeen betref, is dit duidelik dat kralesierade hoofsaaklik deur vrouens vervaardig word. Trouens, alle vrouens vervaardig kralesierade en anders as met

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

pottebakkery word geen spesialiste aangetref wat kralewerk verkoop of ruil nie. Kralesierade word benut tydens verskillende seremonies waarby meisies of vrouens van geboorte tot die dood betrokke is. Eenvoud, gebruik van oorheersende wit krale en die gebruik van die helder basiese kleure, asimmetrie in sommige voorwerpe, netjies simmetriese patrone in ander, kenmerk Tsongakralewerk. Geometriese en abstrakte motiewe kom op die kralesierade voor, maar sodra die krale op 'n basis soos die **nceka** geborduur word, tref ons herkenbare motiewe uit die alledaagse lewe aan, soos die son, sterre, dieremotiewe, plante soos blomme of bome, ens. Dikwels word ook die maker se naam, lewensdatums en blyplek op die stukke aangebring.

Dit dui alles daarop dat die aanwendings- en toepassingsmoontlikhede van krale op verskeie media of bloot op sigself, legio is — iets wat baie goed in 'n museum gebruik en verder ontwikkel kan word. Die vervaardigings-tegnieke is nog welbekend en nie moeilik om aan te leer nie. Dit is dus moontlik om vanuit die museum 'n verskeidenheid artikels as deel van 'n eie produksie of georganiseerde tuisnywerheid te laat vervaardig. Kralewerk is baie dekoratief en kan ook in heel moderne gebruiksvoorwerpe verwerk word soos modesierade, baadjies, rompe wat met krale bestik kan word, en andere. Klein voorwerpe wat met krale versier is, kan vervaardig en as aandenkings aan besoekers verkoop word. Die hoë koste van glaskrale maak versierde klere en versiering van die aard werklik duur. Dit sou 'n negatiewe invloed op 'n moontlike kralewerkbedryf kan hê. Die hoë koste laat die gevaar ontstaan dat die kralebedryf in die hele Gazankulu kan uitsterf. Op die oomblik is dit egter nog nie die geval nie, en word daar eerder 'n herlewing van die gebruik van kralesierade beleef. Dit word veral gestimuleer deur die baie tradisionele danskompetisies wat gereeld binne en buite Gazankulu gehou word. Dansgroepe word ook oor en weer in die dorpies en die plase uitgenooi oor naweke. Sulke geleenthede dien as aansporing om die kralewerktradisie ten spyte van die hoë koste te laat voortleef.

In 'n museum is dit egter moeiliker om die bedryf nie in 'n verlies te laat ontwikkel nie. Aangesien 1 kg krale deesdae ongeveer R26.00 vir wit krale kos, in vergelyking met R10.00 vir 750 g in 1983, sal maniere gevind moet

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

word om die koste te dek. Alhoewel die prys van die krale nog op sigself aanvaar sou kon word, is dit die hoë koste van die arbeid wat maak dat krale-items baie duur word.

'n Voorbeeld van die probleem kan by die maak van die lang **xiqovochela** (vgl. foto 5.26 a) verduidelik word. Die voorwerp is 108 cm x 12 cm groot en weeg 500 g wat dan 'n kralekoste van ongeveer R13.00 impliseer. Voeg hierby die arbeid: Dit sal 'n vrou ongeveer 5 dae neem on hierdie **xiqovochela** te vervaardig. Teen 'n dag loon van R36.00 per dag sal die stuk se waarde in arbeid R180.00 beloop. So 'n **xiqovochela** se kosprys sal dan R193.00 wees. So 'n duur voorwerp sal nie maklik deur besoekers aan die museum gekoop word nie. Slegs versamelaars sal moontlik in so 'n sieraad wil belê.

Die kosprys van 'n baie klein **xiqovochela**, 5 cm x 4 cm groot met 'n gewig van 10 g, en met 'n kenmerkende motief daarop, sal volgens berekening R16.85 teen kosprys kos. So 'n klein aandenkie sou besoekers na verwagting graag wou koop, maar nie teen dié prys nie. Hierdie spesifieke item is by vrouens in Elim vir R4.00 gekoop. 'n Soortgelyke sieraad kan op foto 5.23 bo in die linkerkant se hoek gesien word. Dit is duidelik dat die vroue by Elim byna net die koste van die krale wat gebruik is terug gekry het.

Buite die museumkonteks (d.w.s. waar die vrou nie 'n gereelde loon kry nie) kan vrouens by die huise aangemoedig word om kralesierade vir 'n verdienste te vervaardig. Dit is 'n werk wat tussendeur en in vrye tyd verrig kan word. Anders as by pottebakkery en soutvervaardiging is dit eie aan die werfruimte en kan enige tyd en enige plek beoefen word. Dit maak dit dan egter ook een van die bedrywe wat ideaal by 'n opelugmuseum verrig kan word.

Sonder 'n eie verkoopsaksie, wat tans by die Tsongakraal afwesig is, kan die bedryfskapitaal om krale aantekoop, nie verkry word nie. Die Tsongakraal moet daarna streef om 'n volledige stel of stelle krale-artikels te laat vervaardig, voorbeelde van alle motiewe, tradisioneel en modern, in sieraadvorm te dokumenteer en die regte kleure in die versameling op te

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

neem. Hierna kan dan artikels vervaardig word wat verkoop kan word. Die egte en duur artikels vir versamelaars en ander museums en ander kleiner artikels vir besoekers wat graag iets as aandenking wil hê. Voorstelle vir laasgenoemde is die klein **xiqovochela**, stringe halssierade, armbande, been- en armringe, asook klein houers van hout, kalbasse, bottels, sade ens. wat met kralewerk oorgetrek of versier is. Kralewerk op materiaal gewerk is ook iets wat byval sou vind. Die swart lap is eie aan die Tsonga en kralemotiewe op lap is ook tradisioneel Tsonga. Die krale kan selfs met wol of garing vervang word. 'n Verskeidenheid voorwerpe kan so vervaardig word wat, alhoewel in vorm modern, tog in voorkoms 'n egte Tsongakarakter sal openbaar. Daar is werklik omvangryke moontlikhede wat ontgin kan word.

'n Mens sou ook graag wou sien dat die Tsongakraal as opleidingsentrum sal dien om vroue wat die vaardigheid om met krale te werk wil aanleer, op te lei. Tydens opleiding sou dan selfs aandag gegee kan word aan die betekenis, gebruike, tradisies, ens. van kralewerk. Wanneer die museum dan met 'n eie verkoopsaksie begin, kan sulke opgeleide vrouens meehelp om die voorrade te verskaf. Sodoende sou die museum kon bydra tot werkskepping en terselfdertyd in sy funksie van kultuurbewaring en bevordering voldoen. So 'n aksie sal egter met 'n bemarkingstrategie gepaard moet gaan.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

5.1 **Madliridliri:** Tsongapoppie. Met hierdie benaming en spelwyse was daar baie probleme ondervind omdat dit redelik onbekend is. Die Tsongataalkundiges het na vele beraadslaging tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n onbekende woord is, en dat dit taboe is.

Die woord **ku ndliridiri** is bekend en beteken om hiernatoe en daarnatoe te loop/beweeg. Die afleiding **madliridliri** is dan gemaak, omdat in die inisiasieskool vir dogters met hierdie Tsongapoppie in die rondte en heen-en-weer gedans word.

Ander benamings vir die Tsongapop is **nwana** en **xitsandzana.**

5.2 Tsonga-kralesierade: benamings. Baie van die name vir Tsonga-kralesierade en -kleredrag wat in hierdie hoofstuk voorkom staan nie in die woordeboek nie. Dit is ook dikwels onbekend onder die "meer ontwikkelde" en geskoolde mense. Daar is egter met die taaldiensteafdeling gekontroleer en die benamings is geldig verklaar.

5.3 **Vudoga:** perdestert. Segsvrouens verwys telkens na perdestert, **vudoga**, as hulle na die donkerkleurige rygmateriaal verwys. Op navraag is daar vasgestel dat vroeër wildebeessterthare gebruik is. Deesdae word die rygmateriaal in die winkels gekoop en dit is dan ook perdestert of dun, swart plastieklyn. Daar heers derhalwe ietwat verwarring oor hierdie benaming en die betekenis daarvan. Daar sal dus in die teks gepraat word van perdestert.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 6.1 INLEIDING

By die aanvang van die studie was dit duidelik dat 'n mens binne 'n algemene probleemarea 'n reeks besondere doelstellings of beperkte probleemformuleringe sou moes aandui om die studie binne beheerbare perke te hou.

By wyse van die aanduiding van die algemene probleemarea sou 'n mens kon verwys na die ontstaan van die Tsongakraal-Opelugmuseum in 1974 waarin die normale take van versameling, bewaring en opvoedkundige aanbieding moes plaasvind van die tradisionele lewenswyse van die Tsonga. Die onmiddellike ervaring het bewys dat die kraalopset in besonder die leefwêreld van die vrou beklemtoon het (vgl. afdeling 2.4.3.2). Slegs enkele mansaktiwiteite soos houtsneewerk en 'n smidswerf kon voorgestel word. Die uitvoering van smidswerk moet as iets buite verband aangemerk word, omdat 'n smidsvuur en die aktiwiteite daar rondom nie tradisioneel in elke wooneenheid voorgekom het nie.

Selfs die beklemtoning van die leefwêreld van die vrou het 'n effense kunsmatigheid vertoon, omdat die beklemtoning van pottebakkery, as spesialisaksie, ook nie in elke wooneenheid voorgekom het nie en die aanbieding van die soutmaakproses nooit naby 'n wooneenheid plaasgevind het nie.

Hiernaas moes in ag geneem word dat die groot getal besoekers aan die nabygeleë Overvaaloord, Eiland, 'n besondere besoekerspotensiaal verskaf het. Hierdie besoekersgroep wat hoofsaaklik Westerlinge was en is, se belangstelling moes in ag geneem word. As bewaarpunt van die tradisie van die Tsonga moes die uitbereidingsmoontlikhede van 'n toenemende getal besoekers uit Gazankulu ook in gedagte gehou word.

In die gegewe opset van die Opelugmuseum moet twee verdere vrae in gedagte gehou word: Eerstens - in watter mate moet daar in die bewaringsaksie plek gegee word aan die verandering van tegniese skeppinge ten gevolge van kultuurverandering in Westerse rigting?

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Tweedens - in watter mate moet daar aangedring word om die museum se reg om items (aandenkings) wat in die leefprosedure in die museum vervaardig word, te kan verkoop. As so 'n moontlikheid nie erken kan word nie sou sulke produkte mettertyd vernietig moes word. Bergruimte sou nie vir alles verskaf kon word nie. Die Tsongakraal-Opelugmuseum het as museuminrigting besondere museumkundige probleme gebied en die moontlikheid vir volkekundige navorsing geopen.

## 6.2 DOEL VAN ONDERSOEK

Om die gang van die ondersoek binne perke te hou, is besluit om te konsentreer op die wyse waarop die bestudering van die tegniese skeppinge waarby die vrou belang het, uitgebrei kon word; asook op die wyse waarop die proses van akkulturasie in die leefwêreld van die vrou verdere en nuwe take van versameling, bewaring en uitstalling sou vereis.

Die besondere doelstelling van die studie is daarom soos volg aangedui (vgl. 1.1):

- Die bestudering van die behoefte aan versameling en bewaring van alle tegniese skeppinge wat met die leefwêreld van die vrou binne haar wooneenheid verband het. Dit het die dokumentering na voorkoms en funksie, vervaardigingswyse en benutting binne kultuurverband van 'n geselekteerde reeks tegniese skeppinge geïmpliseer, omdat die behandeling van alle tegniese skeppinge waarby die vrou belang sou hê die omvang van die studie te groot sou maak.

- Omdat uitstalling in funksionele verband binne die Opelugmuseum beoog is, moes in besonder gekyk word na die verband van die bogenoemde tegniese skeppinge met elke faset van die kultuur. Die praktyke wat nie as lewende werklikheid vertoon kon word nie, sou ten minste deur 'n fotoreeks verduidelik kon word.

- Die aanbieding van 'n tradisionele lewenswyse sou binne verband van die geskiedenis—dit is die Tsonga se herkoms uit Mozambiek —bestudeer moet word. Hiernaas sou die moontlike beïnvloeding in

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

resente tye deur die Venda en Noord-Sotho ook in gedagte gehou moet word.

- Die laasgenoemde veranderinge deur beïnvloeding sou ook in terme van die akkulturatiewe veranderinge in Westerse rigting ondersoek moes word. Alleen langs dié weg sou die museum nie 'n verstarde beeld uit die verlede aanbied nie, maar ook die proses van kulturele dinamika 'n plek in die uitstallings kon gee.

- Dit is duidelik dat die studie op elke punt afgestem sou wees op die aanbieding van besondere voorstelle wat binne die Opelugmuseum van waarde sou kon wees.

## 6.3 AFBAKENING EN SELEKTERING

Die selektering van die tegniese skeppinge waarby die Tsongavrou belang het, het vereis dat daar uitgegaan word van die praktyke wat reeds in die Opelugmuseum gevestig was (vgl. 1.2.2). Dit het in besonder vereis dat die hele vervaardigingstegniek en verskeidenheid produkte van die pottebakkery deur vroue as spesialispraktyk bekyk moes word asook die wyse waarop matte gevleg word.

Dit was egter onmiddellik duidelik dat alle vroue hulle eie kralewerkversierings maak. Omdat die tegniek feitlik geen aandag in die Tsongakraal gekry het nie, was die bestudering van die tegniek en die aanbeveling dat dit ook aandag in die Opelugmuseum sal kry, byna vanselfsprekend.

Omdat soutontginning ook by die museum geïllustreer word, moes die praktyk in besonderhede bestudeer word.

Hiernaas sou aan 'n hele reeks tegniese skeppinge wat vroue wel gebruik, maar nie self vervaardig nie, aandag gegee word. 'n Mens dink hier aan die bewerking van kalbasse, die gebruik van musiekinstrumente en mandjies, wat albei deur mans vervaardig word, asook die vrou se betrokkenheid by die bou van hutte en die verbouing van landbougewasse. Hierdie bykomstige

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

aktiwiteite, naas dié wat vir besondere studie gekies is, het aandag ontvang in Hoofstuk 2.4. Binne funksionele verband is in hierdie afdeling 'n oorsig gegee van die algemene Tsongalewenswyse met inagneming van die verskillende kultuurfasette.

In hierdie algemene gedeelte is ook verwys na die belangrikste dele van oorspronklike leefwêreld van die man en die tegniese apparaat wat mans maak en gebruik. Daar kon egter, binne die beperkinge wat opgelê is, nie verder aan die sake aandag gegee word nie.

By die afbakening van die geografiese studieterrein was die gelukkige plasing van die Tsongakraal binne die Hans Merensky-Natuurreservaat onmiddellik duidelik (Hoofstuk 2.4.4). Binne hierdie bewaringsgebied was die rumateriaal waaruit tegniese skeppinge, en selfs sout, oorspronklik vervaardig is nog ten volle voorhande. Die wye spektrum waaroor plante en planteprodukte oorspronklik benut is, kon alleen in so 'n opset bestudeer word. Elders in Gazankulu het baie van die plante vanuit oorontginning reeds skaars geword as rumateriaal, maar veral as aanvullende plantevoedsel uit die veld.

Vanuit hierdie geografiese vertrekpunt was die aangewese verdere konsentrasie na die noordelike-sentrale deel van Gazankulu (vgl. kaart 1.2). Die bestudering van die historiese agtergrond (Hoofstuk 2.1.2) het ook aangedui dat hierdie deel van Gazankulu baie vroeg reeds deur die optrede van handelaars, met die Ooskus van Afrika geskakel het. Vanuit die geskiedenis kon ook die verwagting van kultuurbeïnvloeding deur die Venda en Noord-Sotho aangedui word. Die historiese gegewens wat Hartman [1972, 1978] en Boonzaaier [1980] verskaf het, bewys dat daar in die Ritavi- en Mhaladistrik ander kultuurinvloede, hoofsaaklik Zulu, Swazi en Noord-Sotho gewerk het as in die gebied waarop vir hierdie studie gekonsentreer is.

Dit is vanselfsprekend dat daar ook uitvoerig ingegaan moes word op die ontstaansgeskiedenis van die Tsongakraal-Opelugmuseum (Hoofstuk 2.3.3). Die gegewens het aangedui dat die hele uitleg gebaseer is op gegewens wat uit die gebied van stamhoof Mavundza in Noordsentraal-Gazankulu verkry

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

is. Die verdere benutting van gegewens uit hierdie gebied was dus ook nodig om aansluiting te kry by die ontstaansgeskiedenis van die Opelugmuseum as sodanig.

Die afbakening van gebied en selektering van tegniese skeppinge het egter die besondere kunsmatige aard van die lewensomgewing onderstreep wat in die Opelugmuseum herskep is. In die eerste instansie sal daar binne die Tsongakraal nooit lewenspraktyke soos landboubeoefening van vroue, die jagaksie van mans, die verkryging van hout vir vuurmaak en konstruksie van hutte en veral die aanhou van gedomestiseerde diere geïllustreer kan word nie. Die eise wat deur die natuurbewaring gestel word, maak dit onmoontlik.

Ten tweede sal die toeskouer nooit werklik die leefatmosfeer in 'n Tsongawooneenheid kan sien of beleef nie. Die dop en sy tegniese inhoud, die hutte en gereedskap, is wel daar, maar die mense ontbreek. Die Tsongakraal is gebou as die leefruimte van 'n stamhoof en sy agt vroue. Finansiële beperkinge maak dit onmoontlik om selfs die nege volwassenes, met inagneming van geslag, as museumpersoneel in diens te neem. Die natuurlike ouderdomsverskil tussen so 'n groep vroue kan ook nie uitgebeeld word nie, terwyl die totale afwesigheid van kinders en die bewyse dat in die Tsongakraal "geleef" word, 'n opvallende werklikheid is.

Ten derde is daar steeds die botsing tussen twee lewensstyle wat vir toeskouers verberg word. Gedurende die normale werksure demonstreer die museumpersoneel 'n lewenswyse wat ongeveer eenhonderd jaar gelede aan die orde was. Na-ure trek hulle ander klere aan en leef binne die museumopset soos alle ander mense vandag in Gazankulu leef. Dit bly steeds 'n probleem om die Westerse tegniese skeppinge van fietse tot radio's, wat na-ure gebruik word, uit die gesigsveld van besoekers te hou.

Ten vierde word mans en vroue as besoekers binne die gerekonstreerde leefruimtes van slaaphutte toegelaat en by (soms bo-oor) die offerplek (**gandzelo**) gebring. Onder normale omstandighede sou so 'n aanmatigende betreding onmoontlik wees.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

As 'n mens die bogenoemde bewyse van die kunsmatigheid van die opset in die Tsongakraal beklemtoon, moet daar ook onthou word dat die aangeduide leemtes by enige opelugmuseum voorkom. Dit wat gebou en gedemonstreer word, bly 'n museum. Dit is slegs 'n kunsmatige aanbieding van die werklike lewenspraktyk. Die uitstalwerk bied uitdagende moontlikhede. Daar is egter ook inherente beperkinge wat nie verbygestreef kan word nie.

## 6.4 POTTEBAKKERY

Die aanvanklike bestudering van pottebakkery by die Tsonga het aangedui dat dit eksklusief 'n aktiwiteit is van volwasse en getroude vroue, dat dit 'n spesialisarbeid is en dat pottebakkery oorspronklik vir die vervaardiging van ruilhandelartikels beoefen is (vgl. Hoofstuk 3 en 3.7). Daar kon byvoorbeeld aangedui word dat medevrouens en vriendinne dikwels die pottebakster se lande bewerk het en dat sy graan vir haar huishouding kon bekom deur erdeware daarvoor te ruil. Die waarde van 'n pot was gelyk aan die met graan gevulde inhoudsmaat.

Die was dus ook duidelik dat die aanbieding van demonstrasies oor potvervaardiging in die Opelugmuseum sinvol is, maar dat dit nie 'n alledaagse lewenspraktyk in enige Tsongawooneenheid sou wees nie. Omdat pottebakkery spesialiswerk is, kon die pottebakster as 'n sleutelfiguur op die diensstaat uitgewys word. Dit sou moeilik wees om haar te vervang. Die moontlikheid om assistente by wyse van in-diens-opleiding vir gebeurlikhede voor te berei moet dus oorweeg word.

Die detailstudie oor die wyse waarop die klei verkry word (afdeling 3.3), die gereedskap wat by die vervaardiging gebruik word (afdeling 3.4), die metode van vervaardiging (afdeling 3.5), en die verskillende tipes erdewerk wat die Tsonga vervaardig (afdeling 3.6) is in die aangeduide afdelings te vinde. Daar word hier vir twee verdere sake aandag gevra.

Die benuttingswyse van erdewerk (afdeling 3.7) het 'n uitgebreide studie geverg omdat houers van klei op so 'n verskeidenheid punte in die tradisionele Tsongalewenswyse gebruik is. Van die bewaring van saad tot die gebruik van bier in die vergaderplek van die mans of by die aanbieding van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

'n offerande aan die voorouergeeste speel kleipotte 'n rol. Elkeen van hierdie benuttingspraktyke (vgl. afdeling 3.7) sou in teorie in die Opelugmuseum gedemonstreer kon word. Dit is dus duidelik dat daar geselekteer sal moet word.

By die selektering van illustreerbare benuttingswyses is dit aangewese om op die huishoudingspraktyke van die vrou te konsentreer. Dit raak in die eerste plek die prosedure van voedselvoorbereiding en bediening. Tans kry slegs die kook van kos aandag. 'n Uitbreiding van hierdie praktyke kan dus met vrymoedigheid aanbeveel word - ten minste op so 'n wyse dat die verskeidenheid potte en bakke aan besoekers getoon en die gebruik daarvan verduidelik sal kan word.

Wanneer 'n mens by praktyke kom soos die beroking van 'n baba oor 'n groot potskerf moet onthou word dat so 'n handeling in die privaatheid van 'n slaaphut geskied en dat mans gewoonlik nie teenwoordig is nie. Die praktiese illustrering van so 'n handeling is vanweë die private aard daarvan nie wenslik nie.

Op dieselfde wyse is die seremoniële drink van bier deur 'n groep mans in die vergaderplek van mans nie moontlik as praktykvoorstelling nie - daar is nie genoeg mans wat in die Tsongakraal werk en hier as akteurs gebruik sou kan word nie. Dit is duidelik dat die uitstalling van seremonies van die bogenoemde aard, asook leefpraktyke wat nie gemaklik vertoon kan word nie in hoofsaak deur verduideliking vanaf fotoreekse onderneem sou kon word. Die Tsongakraal se aanbieding sou gemaklik met so 'n aanbiedingswyse uitgebrei kon word.

Die navorsing ten opsigte van die vervaardiging- en versieringswyse van erdewerk het aangedui (hoofstuk 3.5.3) dat die kleipotte wat tans vervaardig word duidelike Venda-invloed vertoon. Daar word ook geen aandag gegee aan die meer resente potwerktradisie wat in onlangse jare in Gazankulu ontwikkel het nie.

Die literatuurstudie het bewys dat dit moontlik is om die werklike egte Tsongapotwerk na vorm en versiering met voorbeelde uit Mosambiek af te

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

lei. Dit is dus 'n direkte voorstel dat die huidige pottebaksters opgelei sal moet word om ook die tradisionele Tsonga-erdewerk te kan maak.

Die vervaardiging van kleipotte en veral die versiering daarvan is aan mode-invloede onderhewig. Die afwesigheid van resente pottipes en veral voorbeelde van die versiering van kleipotte met verf is 'n opvallende leemte in die versameling van die Tsongakraal. Dit behoort reggestel te word.

## 6.5 SOUTONTGINNING

Die argeologiese en historiese gegewens (vgl. afdeling 2.3.2) bewys dat sout uit brakgrond in die omgewing van die Tsongakraal reeds sedert 300 n.C. ontgin word (afdeling 4.3). Dit is onmoontlik om die Tsonga as kultuurgroep met hierdie ontginning te verbind aangesien oorleweringe die bewoning van die Laeveld deur Tsonga slegs na ongeveer 1830 terugneem. Die feit dat Tsonga as middelmanne in die handel met die Ooskus bedrywig was, sou hulle betrokkenheid in die Laeveld tot ongeveer 1500 kon terugskuif. Of hulle selfs toe aktief met soutontginning betrokke was, is onduidelik.

Die beskrywing van soutontginning by Soutini (afdeling 4.5) laat 'n sterk vermoede ontstaan dat Venda-, Karanga- en Sothomense naas die Tsonga by soutontginning betrokke was. Die ontginningswyse is 'n besondere tradisionele bedryf wat algemeen voorgekom het. Die demonstrasie daarvan by die Tsongakraal is dus iets besonders en moet behou word.

Die navorsing wat uit die literatuur (afdeling 4.4) en in praktyk (afdeling 4.5) uitgevoer is, bring twee belangrike uitbreidingsmoontlikhede van die huidige demonstrasie in die Tsongakraal na vore.

Ten eerste word slegs die indampproses deur gebruik van vuur geïllustreer. Daar is oorspronklik ook van verdamping deur sonenergie in seepsteenbakke gebruik gemaak (vgl. afdeling 4.4). Dit word toegegee dat 'n mens nie seker is of dit Tsongamense was wat die verdampingsproses gebruik het nie. Die proses is egter uniek aan die Laeveld. Daar behoort na die navorser se oordeel beslis probeer te word om die ou verdampingsproses aan besoekers te illustreer.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Ten tweede word die southerwinningsproses soos dit tans verduidelik word, nie in geheel nie en ook buite verband gedemonstreer. Southerwinning het oorspronklik naby die bron van die brakgrond plaasgevind (vgl. afdeling 4.5) en nie naby 'n woonplek nie. Die proses begin met die verering van die geeste wat by die soutbron belang het en gaan verder na die versameling van soutkorse op die afgedroogte vleigrond. Eers daarna begin die uitloogproses en die indamping van die soutoplossing wat wel gedemonstreer word. Dit is dus sinvol en wenslik dat hierdie voorafgaande handeling ten minste deur 'n fotoreeks aan besoekers verduidelik sal word.

## 6.6 KRALEWERK EN VERSIERING

Soos in die geval van pottebakkery is 'n besondere studie van die kralewerk en versiering met krale onder die Tsonga onderneem. Die detailbesonderhede kan nie weer herhaal word nie. Daar is egter aandag gegee aan die vervaardigingsmetode met verwysing na tegnieke en motiewe wat gebruik word (afdeling 5.2) en die klassifisering van die verskillende tipes kralesierade waarvan daar ten minste vyf tipes onderskei kan word (afdeling 5.3). Hiernaas moes ook aandag gegee word aan die gebruik van krale by die versiering van kleredrag en die maak van die kralepoppie of **madliridliri**.

Die algemene bevinding moet egter duidelik aangedui word. Dit was vroeg reeds duidelik dat die Tsongavrou 'n eie tradisie by die benutting van krale by die maak van sierade het. Die gebruik van krale by die Tsonga verskil opmerklik van die aanwendingswyse by die Sotho. Daar sou egter op beïnvloeding (dalk wedersyds) vanaf die Venda gewys kon word (afdeling 5.4.10). Daar is ook opvallende verskille tussen die noorde van Gazankulu (Giyani-omgewing) en die suide (Mhaladistrik) (vgl. afdeling 5.6). Die moontlikheid dat die gebruik van kralesierade by die Tsonga die gevolg van kontak met die Ndebele sou wees, kan met reg ernstig bevraagteken word (vgl. afdeling 5.6).

Die maak van kraleversierings is 'n algemene aktiwiteit van vroue en word ter vulling van vrye tyd bedryf. Dit is dus 'n praktyk wat in enige Tsongawooneenheid waargeneem kan word. Hierdie feit tesame met die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

bogenoemde variasie in sierade in verskillende dele van Gazankulu, maak hierdie skeppinge ideale uitstalmateriaal en bied demonstrasiemoontlikhede van 'n verskeidenheid van aard. Die opvallende leemte by die Tsongakraal waar feitlik niks aan kralwerk gedoen word nie, val 'n mens onmiddellik op. Dit is dus na die navorser se oordeel gebiedend noodsaaklik dat die leemte dadelik aangevul moet word. Dit vereis die beskikbaarstelling van fondse om 'n verteenwoordigende versameling van Tsongaversierings op te bou. Kralewerkitems is nie goedkoop nie. Hiernaas moet in die demonstrasies in die Tsongakraal aan die vervaardiging van kralesierade aandag gegee word.

Die navorsing (vgl. afdeling 5.4 en 5.6) het duidelik bewys dat dit eintlik om meer as net die kraleversiering moet gaan. Daar moet met die oog op versameling, bewaring en demonstrasie na die totale kleredrag gekyk word. Daar is 'n duidelike verskil in alledaagse en feesdrag en ook 'n verskil in die versierings (kralewerk) wat elke dag en by feesgeleenthede as bykomstighede gedra word. Daar kan vanweë handelsinvloed 'n verskil aangedui word in die patrone op materiaal wat gedurende verskillende periodes in die mode was (vgl. afdeling 3.5). Hiernaas kan in die gebruik van krale ook aangedui word dat die prys en beskikbaarheid sedert die 2de Wêreldoorlog vroue van krale laat oorslaan het na gekleurde wol. Tans is daar weer 'n herlewing terug na die gebruik van krale (vgl. afdeling 5.6). Al hierdie verskillende variasies moet tesame met die modeverskille in die suide en noorde van Gazankulu in gedagte gehou word wanneer 'n versameling klere en kralesierade opgebou word. Daar wag hier 'n formidabele taak op die Tsongakraal-Opelugmuseum, omdat daar tot die huidige baie min versameling, bewaring en dokumentasie oor kralewerk by the Tsonga gedoen is.

Dit is ook uit die navorsing duidelik (vgl. afdeling 5.6) dat die Tsongakralewerk geen besondere boodskappe aandui nie. Dit is wel moontlik om die status van jonge dogter, hubare jonkvrou en volwasse en getroude vrou uit die kleredrag en sierade wat gedra word, af te lei. Omdat krale duur is, is die omvang van die versierings wat gedra word ook 'n aanduiding van rykdom of andersins van die aandag wat aan kleding en versierings geskenk word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Kraledrag het feitlik altyd slegs met die sosiale faset van die lewenswyse te doen en is veral belangrik by feesgeleenthede waar vertoonsug en danse 'n rol speel. Daar kon slegs enkele stukke aangedui word wat 'n magies-beskermende rol speel of wat tipiese beroepsdrag van die **n'anga** is. Kralesierade en die gepaardgaande demonstrasiemoontlikhede het dus 'n beperkter waarde as kleipotte en -houers wat 'n omvangryke skakeling na 'n verskeidenheid kultuurfasette vertoon.

## 6.7 MUSEUMKUNDIGE UITBOUING

### 6.7.1 Binne funksionele verband

In die gang van die uiteensetting in elke hoofstuk van die studie was dit 'n oogmerk om aan te dui hoe elk van die tegniese skeppinge waaraan besondere aandag gegee is funksioneel skakel met 'n verskeidenheid kultuurfasette. Daar is dan aangedui waar en hoe van hierdie leefsituasies binne die Tsongakraal verbeeld sou kon word. Die klem het uiteraard op die aktiwiteite van inwoners geval.

By die beklemtoning van funksionele studie moet die duidelike verskil beklemtoon word tussen die funksionele bestudering van 'n lewenspatroon en die funksionele uitstalling of aanbieding daarvan in 'n museum of dan Opelugmuseum.

Die eerste vereiste vir 'n funksionele studie in die veld is die nougesette optekening van die waargenome praktyk. Dit gaan dan om die afbakening van die groep mense wat handel asook tweedens om die beskrywing van die handelinge en die tegniese skeppinge wat daarby gebruik word. Malinowski stel die taak so:

> *"... that in the study of every organised human group it is necessary to document the result by a full inventory of the material apparatus used in its activities; it is essential to see how the group of people itself is constituted and organised; last but not least, linguistic documentation of the crucial concepts, texts, and sayings, is indispensable"* [Malinowski 1968:49]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die derde komponent wat Malinowski noem, die taalkundige, bly in praktyk dikwels in die slag.

Wanneer funksionele navorsing deur iemand in belang van 'n museum uitgevoer word, is die bestudering van die tegnologiese tesame met elke reeks intermenslike verhoudinge en wel binne besondere kultuurfasette dus ter sprake. Die gelyktydige versameling van inheemse benaminge en spreekwoorde wat met die handelinge asook die tegniese skeppinge verband het, is net so belangrik.

In die voorafgaande studie is die klem op die handelinge van die Tsongavrou geplaas met besondere aandag aan die tegniese skeppinge wat sy gebruik. Ten opsigte van die taalkundige studie is volstaan met die versameling van inheemse benaminge, asook soms die verklaring van die benaming. Dit is duidelik dat hierdie laaste komponent verdere ondersoek regverdig.

Die funksionele aanbieding van lewensituasies in 'n opelugmuseum is nie dieselfde as die blote duplisering van wat in die veld in funksie waargeneem en gedokumenteer is nie. By die voorstelling in 'n museum kom 'n onvermydelike element van kunsmatigheid by.

Dit is so eerstens omdat slegs besondere en daagliks-herhalende lewensituasies vir uitstalling gekies kan word. Al die belangrike geleentheidsgebeurtenisse vanaf offerandes tot dansgeleenthede val eintlik buite hierdie aanbiedingspatroon. Waar byvoorbeeld die daaglikse voedselvoorbereiding gedemonstreer word, sien besoekers net die fase waarin die proses is tydens hulle besoek. Die ander dele bly vir hulle 'n geslote boek tensy die hele proses by wyse van 'n gesimuleerde aanbieding aangebied word.

Ten tweede is daar 'n verskeidenheid seremonies wat die navorser as 'n gewaardeerde vriendin of vriend in die veld bywoon, maar wat vanweë die inbreuk op privaatheid nie vir elke besoeker aan 'n opelugmuseum vertoon kan word nie. Dit is natuurlik moontlik om sulke praktyke spesiaal te laat voorspeel. So 'n optrede beklemtoon juis die feit van kunsmatigheid waarna vroeër verwys is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die middeweg tussen die uiterstes van kunsmatigheid en skending van privaatheid is die beplanning van 'n reeks basiese alledaagse lewensituasies vir besigtiging in die opelugmuseum, die verduideliking van 'n tweede reeks handelinge wat nie vertoon word nie en derdens die periodieke aanbieding van geleentheidgebeurtenisse. By die voorbereiding van voedsel kan die gebruik van kookpotte in die kookskerm byvoorbeeld vertoon word. Die opskepprosedure van die voedsel van die man kan verduidelik word, terwyl as besondere aanbieding gedink kan word aan 'n periodieke proe-aand waar besoekers inheemse voedselsoorte kan sien en self kan proe.

Waar die vervaardiging van 'n kralesieraad volgens 'n besondere tegniek elke dag te sien kan wees, kan daarnaas as besondere geleentheid gedink word aan die demonstrasie van 'n hele paar tegnieke. Die demonstrasie van die alledaagse kleredrag teenoor die drag by feesgeleenthede sou per geleentheid opgevolg kon word met dansdemonstrasies waarby besoekers die feesdrag in funksie kan sien.

Voorbeelde van dié aard sal beslis afhang van die kreatiewe denke en ywer van besondere museumkurators. Die belangrike is dat dit nie sonder die voorafgaande navorsing in funksionele verband bedink of uitgevoer kan word nie. Funksionele navorsing en funksionele uitstalling of aanbieding in 'n opelugmuseum gaan hand aan hand.

### 6.7.2 Kommersiële onderneming

Deur die gang van die hele studie en vanuit die ervaring in die Tsongakraal-Opelugmuseum het die vraag of die museum die stukke (potte, houtsneeuwerk, kralesierade, matte, dansklere, ens.) wat deur praktiese demonstrasies gelewer word, mag of behoort te verkoop. Die argument word dikwels gehoor dat die museum die moontlike privaat-inisiatief kan vernietig of skade aandoen deur self die kuriomark te betree. Daarenteen ervaar die museum dat die bergingsruimtes vir vervaardigde goedere mettertyd te klein word en dit dan noodgedwonge vernietig moet word.

Die noodsaaklikheid om museumontwikkeling te beplan deur inkomste uit verkope van literatuur, brosjures en veral toegang daarvoor te gebruik, is 'n

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

gemeenplaas. Waarom kan die inkomste uit die verkoop van kleipotte of kralesierade of houtsneewerk nie ook vir hierdie ontwikkelingsdoel gebruik word nie. Aan die moontlike inbreuk op 'n private handelsmark word hierna aandag gegee.

Dit is 'n gemeenplaas in enige handelsaksie dat die produk gelewer moet word waarvoor daar 'n mark bestaan. Die regte tipe kleipotte of kralesierade sal dus gelewer moet word. As 'n mens die koste van krale in ag neem en dus die beperkte afset van die groter, en dus duurder, items in gedagte hou (vgl. afdeling 5.6) is dit duidelik dat die bepaling van wat met die oog op verkoop gemaak moet word van deurslaggewende belang sal wees.

'n Mens moet egter onthou dat die plasing van die Overvaaloord, Eiland, in die Hans Merensky-Natuurreservaat (afdeling 2.3.3), aan die Tsongakraal 'n gevange besoekerspotentsiaal en dus ook 'n kopersmark verskaf. As die mark te klein is, sou die moontlikhede van verkope deur die Nasionale Parkeraad in die Nasionale Krugerwildtuin beding kon word. Na die navorser se oordeel is die markpotensiaal veel groter as die huidige produksietempo van byvoorbeeld kleipotte in die Tsongakraal.

Met die oog op die klagte van benadeling van privaat-inisiatief is dit die oordeel dat die Tsongakraal sy moontlike verkope behoort te koppel aan die stimulering van 'n tuisnywerheidsbedryf uit die omgewing. Dit behoort moontlik te wees om die produkte van pottebaksters uit die omgewing by die museum tot voordeel van die vervaardigers te verkoop. As 'n mens onthou dat pottebakkery 'n spesialisbedryf is (vgl. afdeling 3.1) is dit duidelik dat daar in 'n gesamentlike optrede deur die pottebaksters binne en buite die museum besliste en organiseerbare moontlikhede skuil.

Aan die hand van die navorsing van Coertze [1991:61-68] by die handwerksentrum te Giyani, Gazankulu, moet 'n instansie wat 'n tuisnywerheid wil stimuleer bereid wees om 'n hele reeks handelinge uit te voer. Na die werf van samewerking by kundiges moet die grondstowwe verskaf en die finale produk opgehaal word en getoets word of dit aan die vereistes voldoen voor van werklike verkope sprake is.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Die verskaffing van grondstowwe aan werkers buite die museum sal ten opsigte van klei vir die vervaardiging nie nodig wees nie. Hout vir houtsneewerk is egter skaars en krale vir die maak van sierade is duur. Die stimulering van 'n tuisnywerheid uit die omliggende gemeenskappe sal beslis 'n mate van bedryfskapitaal by die museum self vereis.

Die handhawing van 'n mate van kwaliteitskontrole sal aan medewerkers verduidelik moet word. Gespreksvoering van dié aard laat egter die opening om meer moderne produkte en die gebruik van alternatiewe, byvoorbeeld plastiek- in plaas van glaskrale te propageer. Langs hierdie weg kan selfs 'n groter verskeidenheid produkte verkry word as die meer tradisionele items wat by die museum self vervaardig word.

Dit is nie hier die oogmerk om die lewensvatbaarheid van 'n tuisnywerheid as handelsonderneming te beredeneer nie. Daar word volstaan deur eerstens in beginsel aan te dui dat die verkope van items wat by 'n opelugmuseum vervaardig word as stimulus eerder as die inperking kan dien van 'n inheemse tuisnywerheid. Die rol van 'n museum in die stimulering van 'n proses van gemeenskapontwikkeling word dan van besondere betekenis.

Dit is egter in die tweede verband duidelik dat die doeltreffende ontginning van die gedagte van 'n tuisnywerheid beleidsbeslissings impliseer oor die aanvaarding van die taak van stimulering van gemeenskapontwikkeling. So 'n taak lê nie op die normale weg van 'n museumorganisasie nie. Dit mag die aanstelling van verdere personeel impliseer.

Ten derde is dit duidelik dat die ontginning van die gedagte van 'n tuisnywerheid rondom die museum alleen vrug kan dra na deeglike volkekundige navorsing oor die aard en verskeidenheid van tegniese skeppinge wat vervaardig word. Die studie oor potwerk, soutmakery en kralesierade het dus meer as blote vakkundige waarde.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012